

WES-EUROPA SOOS GESKETS IN DIE
DE BELLO GALLICO VAN C. JULIUS CAESAR.

deur

J.L. HERBST.

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van 'n deel van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Onder leiding van Prof. dr. W.N. Coetzee.

NOVEMBER 1956.

IN U LIG.

VOORWOORD.

Die uitgawe van die DE BELLO GALLICO wat in besonder vir hierdie studie geraadpleeg is, is dié van T. Rice Holmes, Clarendon Press, Oxford, 1914.

Die skets van Wes-Europa word gegê in drie hoofafdelings: geografies, etnografies en etnologies. Gerieflikerwys word dorpe en stede saam met die etnografiese indeling bespreek.

Hoewel Brittanje deel gevorm het van Caesar se Wes-Europa, word dit in hierdie studie nie ingesluit nie op grond van die karige inligting wat Caesar verstrekk, veral ten opsigte van die aardrykskunde en die etnografie.

Die betekenis van „etnografie” en „etnologie” is dié wat Van Dale daaraan heg in sy „Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal”: die etnografie is 'n studie van die verskillende volke van die wereld met betrekking tot die gebied wat hulle bewoon; die etnologie is 'n studie van die natuurlike stamverskille, die sedes en gewoontes van die volkere van die wêreld.

INHOUDSOPGAWE.

VCORWOORD.

DEEL I.

DIE AARDRYKSKUNDIGE SKETS VAN WES-EUROPA.

INLEIDING	8
CAESAR SE WES-EUROPA	8
DIE HOOFINDELING VAN WES-EUROPA (TERRITORIAAL) ..	8
DIE RIVIERE VAN WES-EUROPA	10
DIE BERGE VAN WES-EUROPA	15
BOSSE	16
MOERASSE	17
PAAIE, BRÛE EN VERVOERMIDDELS	18
KLIMAAT	26
LANDBOU EN VEETEELT	28
YSTERMYNE	30
FAUNA EN FLORA	31

DEEL II.

DIE ETNOGRAFIE VAN WES-EUROPA.

INLEIDING	35
A. TUSSEN DIE PIRENEË, DIE GARONNE EN DIE RHONE, d.i. AQUITANIË	36
B. TUSSEN DIE GARONNE, LOIRE, RHONE EN DIE BO-RYN	37
C. TUSSEN DIE LOIRE, SEINE-et-MARNE EN DIE RYN	40
D. NOORD VAN DIE SEINE-et-MARNE EN WES VAN DIE RYN	45
E. TUSSEN DIE RHONE EN DIE ALPE EN DIE BEWONERS VAN DIE ALPE SELF	49

F.	GERMAANSE STAMME WAT AAN CAESAR BEKEND WAS	50
G.	ALGEMEEN	52
H.	'n ALFABETIESE LYS VAN NASIES MET 'n PAAR VAN DIE ALTERNATIEWE SPELLINGS WAT DIKWELS VOORKOM	53
I.	'n ALFABETIESE LYS VAN DORPE EN STEDE	56

DEEL III.

DIE ETNOLOGIE VAN WES-EUROPA.

A.	INLEIDING	58
B.	INSTELLINGE, SEDES EN GEWOONTES VAN DIE GALLIËRS.	
a.	Politieke en publieke organisasie	58
b.	Die twee volksklasse	62
c.	Die Druïde-orde	63
d.	Die Galliese gode	65
e.	Huweliks- en begrafnisgewoontes	66
f.	Geloof i.v.m. hulle oorsprong	67
g.	Karakter van die Galliërs	67
h.	Bykomstige interessantheide	68
C.	DIE GERMANE.	
a.	Politieke en publieke organisasie	71
b.	Godsdiens en gode	72
c.	Lewensmiddele en leefwyse	72
d.	Van alles en nog wat	73
D.	DIE KRYGSTUIG VAN DIE WES-EUROPEËR	75
E.	'n PAAR VOLKSLEIERS ONDER DIE GALLIËRS.	
a.	Dumnorix en Diviciacus van die Haedui	77
b.	Orgetorix van die Helvitii	78
c.	Tasgetius en ander leiers van die Carnutes	78
d.	Vercingetorix van die Arverni	79

e. Ambiorix en Catuvolcus van die Eburones	80
f. Acco van die Senones	80
g. Diviciacus van die Bellovaci	80
h. Cingetorix en Indutiomarus van die Treveri	80
SUMMARY	82
BIBLIOGRAFIE	84

DEEL 1.

DIE AARDRYKSKUNDIGE SKETS VAN WES-EUROPA.

INLEIDING.

Dit was beslis nie Caesar se doel met sy De Bello Gallico om 'n aardrykskundige relaas oor Wes-Europa te skryf nie, maar daar is tog vir die leser 'n groot hoeveelheid geografiese inligting as hy die mengelmoes van die sewe boeke noukeurig sif en die feite wat met mekaar verband het, saamvoeg.

CAESAR SE WES-EUROPA.

Die Wes-Europa van Julius Caesar is die stuk aarde wat aan die Suide begrens word deur die Pireneë, die Middellandse See en die Alpe. Die oosgrens is nie duidelik nie, maar kan min of meer geneem word as 'n lyn wat ewewydig loop aan die Ryn, op 'n tussenafstand wat nie te groot kon gewees het nie: miskien slegs 'n paar myl.

DIE HOOFINDELING VAN WES-EUROPA (TERRITORIAAL)


Vir Caesar bestaan Wes-Europa uit twee dele, Gallië en Germanië. Hiervan word Gallië onderverdeel in drie dele na aanleiding van sy drie seksies inwoners, t.w. die Belgae, die Aquitani en die Celtae Galli.⁽¹⁾

Die gebied van die Aquitani word aan die weste begrens deur die see, aan die suide deur die Pireneë en aan die noorde deur die Garonnerivier (Garunna).

Noord van die Garonne tot aan die Seine - (Sequana) en Marneriviere (Matrona) lê die gebied van die Galli. Hierdie mense se wesgrens is die oseaan, hulle oosgrens die Rhone (Rhodanus), terwyl die Ryn hulle gebied aan die noord-oostelike kant begrens.

(1) B.G. 1. 1.

Noord van die Galli woon die Belgae, wie se gebied aan die noord-oostekant begrens word deur die Ryn en aan die noord-westekant deur die oseaan.



DIE RIVIERE VAN WES-EUROPA.

DIE RYN.

Van die vyf riviere wat reeds genoem is, het Caesar die meeste mee te deel omtrent die Ryn. Miskien is dit te wyte aan die feit dat hierdie rivier hom so baie laat kop krap het oor hoe om dit oor te steek.

Omdat die Ryn hoog in die Alpe ontspring, is dit 'n vinnige rivier. Verderaf word dit breed en diep en om dit oor te steek, of 'n brug daaroor te bou, was beslis nie 'n maklike saak nie „propter latitudinem, rapiditatem altitudinemque fluminis.”⁽¹⁾ Naby die see, egter, vorm die rivier 'n delta en die verskeie takke vorm baie klein eilandjies. In hierdie omgewing waar die Ryn in die see vloei, kon dit oorgestreek word.⁽²⁾

SYTAKKE VAN DIE RYN: DIE MEUSE EN DIE SAMBRE.

Daar word ook heelparty sytakke van die Ryn genoem. Daar is die Meuse, „difficili transitu flumen ripisque praeruptis”,⁽³⁾ wat ontspring in Mons Vosegus (Mt. le Vosge) en uiteindelik vloei in die Vacalus (Waalrivier), wat eintlik net 'n deltatak van die Ryn is. Waar hierdie twee riviere mekaar ontmoet, vorm hulle die eiland van die Batavi en ¹/₂ 80 myl verder vloei hulle in die see.⁽⁴⁾

Van die Meuse is daar weer 'n sytak, die Sambre, met sy digbebosde skuins heuwels aan weerskante. Hierdie rivier was ongeveer drie voet diep hier tussen die rante.⁽⁵⁾

(1) B.G. 4.17.

(2) B.G. 4.1.1

(3) B.G. 6.7.5

(4) B.G. 4.10.1

(5) B.G. 2.18.3

DIE RHONE EN SY SYTAKKE.

Nieteenstaande die feit dat die Rhone so'n groot rivier is, wy Caesar nie veel aandag daaraan nie.

Die Saône is 'n bevaarbare rivier wat so ongelooflik stadig vloei dat 'n mens nie in staat is om met die oog die rigting van die stroom te bepaal nie. (1)

Verdere besonderhede in verband met die Rhone is beperk tot die feit dat die Meer van Genève (Lacus Lemannus) daarin lê en dat die Saônerivier (Arar) een van sy sytakke is.

Die diepte van die Rhone kom slegs op een plek ter sprake: (2) dit het vlakplekke gehad waar Caesar dit oorgesteek het tussen die gebied van die Helvitii en die Allobroges.

DIE LOIRE (LIGER) EN DIE ALLIER.

Caesar is bewus van die feit dat die Loire-rivier in die see invloei. Of dit in daardie dae bevaar is, is moeilik om te sê. Die feit dat Caesar skepe daar laat bou, sterk die vermoede dat dit wel bevaar is, maar aan die ander kant kan besware vir die teenoorgestelde ook aangevoer word, in elk geval in soverre dit die voorjaar betref het: smeltende sneeu het die rivier gewoonlik in daardie seisoen so sterk laat vloei dat dit 'n saak van onmoontlikheid was om dit deur te steek, (3) soos met Caesar gebeur het tydens die afvalligheid van die Aedui.

Dieselfde het gegeld vir die Allierrivier (Elaver), 'n sytak van die Loire. Daar was gewoonlik nie 'n kans om die Allier deur te steek voor die herfs nie. (4)

(1) B.G. 1. 12. *incredibili lenitate ita ut oculis in utram partem fluat iudicari non possit.*

(2) B.G. 1. 6.2

(3) B.G. 7. 55.10

(4) B.G. 7. 35.2

DIE SEINE.

'n Vierde groot rivier waaraan nie veel aandag gewy word nie, is die Seine. Dit skei die gebied van die Gallië van dié van die Belgae.

Twee sytakke van die Seine word genoem: die Marne⁽ⁱ⁾ en die Aisne (Axona)⁽ⁱⁱ⁾. Die riviere word genoem, maar nie die feit dat hulle sytakke van die Seine is nie.

DIE SCHELDT.

Die laaste van die groot riviere van Gallië wat Caesar terloops noem, is die Scheldt.

Daar bestaan groot verskil van opinie by skrywers aangaande die feit dat Caesar skryf: "ad flumen Scaldim, quod influit in Mosam".⁽¹⁾ Sommige kritici reken dat by die Scheldt hier verwar met die Sambre wat wel in die Meuse invloei. Dr. Rice Holmes⁽²⁾ hou egter by Scheldt in plaas van Sambre en beroep hom op Ortelius se landkaart van "Brabantia" in sy "Theatrum Orbis Terrarum" van 1573.

Om Ortelius en Dr. Holmes na te praat, sou die maklikste uitweg wees, maar daar is darem ander maniere ook om te bewys dat Caesar reg mag wees en dat sy Aardrykskunde hom dus nie in die steek gelaat het nie. Lesings van moderne topografiese en ander kaarte werp lig op die saak:

(a) Beide die Scheldt en die Oude Maas, soos die Meuse daar genoem word, vloei in die delta wat deur die Zeeuwse eilande gevorm word. 'n Verlegging van koers van een of beide riviere gedurende die afgelope eeue, is nie alleen moontlik nie, maar ook waarskynlik.

(i) B.G. 1.1.2 (ii) B.G. 2.5.4 en 2.9.3.

(1) B.G. 6. 33.3.

(2) Conquest of Gaul, p. 734-5.

(b) Oor die algemeen is die reliëf tussen die monde van die twee riviere baie laag. Oor groot afstande is dit nie meer as tien meter nie. Die eilande self en die kus aangrensend lê benede een meter hoogte. Koersveranderinge word daardeur baie waarskynlik gemaak.

(e) 'n Lesing van die grondkaart toon ook dat hierdie streke uit klei bestaan wat alle waarskynlikheid bied dat dit deur die riviere neergelê is, veral omdat die riviere in hierdie streek baie gelyk vloei.

(d) Volgens die reliëfkaart is dit heeltemal moontlik (i) dat beide riviere in die Ooster Schelde uitgemond het, of (ii) dat beide riviere in die kanaal tussen Overflakkee en Schouwen uitgemond het.

(e) Dit lyk nie baie waarskynlik nie dat daar 'n vereniging van die riviere hoër-op as in die omstreke van die delta kon gewees het nie.

DIE RIVIERE VAN GERMANIË

Wat die riviere van Germanië betref, sê Caesar nie veel nie, want hy weet nie veel nie. Hy noem slegs die Donou (Danubius) ⁽¹⁾ ~~en die Po.~~

ANDER RIVIERE.

Op verskeie plekke maak Caesar melding van riviere, riviértjies, strome en valleie sonder om die naam te verstrek. Om te probeer vasstel presies wat die naam van die betrokke stroom is wat bedoel word, is feitlik 'n onbegonne taak. Byvoorbeeld: daar was 'n rivier met 'n drif naby Labienus se kamp in die gebied van die Remi op die grense van die Treveri. ⁽²⁾ Hier is dit redelik maklik om te sien dat dit maar net die Meuse is waarna daar verwys word.

(1) B.G. 6. 25. 2.

(2) B.G. 5. 58. 6.

in ipso Fluminis vado
deprehensus Indutiomarus interficitur.

So ook kan dit met 'n redelike mate van sekerheid aangeneem word dat dit die Sommerivier is waarna daar verwys word as 'n vallei en riviértjie ongeveer 'n dagreis ver van Cicero se kamp af in die gebied van die Nervii,⁽¹⁾ want dit is die enigste rivier wat lê tussen Samarobriva en die posisie van die Romeinse kamp. Die feit dat dit 'n "riviértjie" genoem word, kan ook geredelik as korrek aanvaar word, aangesien dit nog baie na aan die oorsprong van die Sommerivier is.

Dit is egter 'n voël van totaal 'n ander kleur as Caesar melding maak van 'n vallei en bosse ongeveer twee myl van Sabinus en Cotta se kamp af in die gebied van die Eburones.⁽²⁾ Hier is daar drie moontlikhede, waarvan die een net so goed aan die gegewens beantwoord as die ander. Eerstens mag dit die sytak van die Scheldt wees, noord van Liège naby Tongres. 'n Tweede moontlikheid is dat dit 'n sytak van die Ryn is, net wes van Cologne. Die derde moontlikheid lê tussen die genoemde twee: 'n sytak van die Meuse.

Om die enkele puntjies wat onder hierdie opskrif genoem is, volkome tot hulle reg te laat kom, sal op die minste 'n besoek aan Frankryk en België kos, en selfs na so'n besoek sal 'n mens nie minder in die duister verkeer nie.

Dit moet egter voor oë gehou word dat Caesar baie selde doelbewus aandag gee aan aardrykskundige aangeleenthede. Die meeste verwysings is bloot terloops. As 'n rivier, byvoorbeeld, van strategiese belang is by een of ander veldslag, word die beskrywing daarvan beperk tot die absolute minimum wat nodig is om die leser 'n idee te gee van die terrein waar die betrokke slag plaasvind.

(1) B.G. 5. 49.5

(2) B.G. 5. 32.1 en 2.

DIE BERGE VAN WES-EUROPA.

Daar is reeds aangetoon dat Caesar slegs aan geografiese faktore aandag skenk wanneer hulle ^{van} militêre belang is. Die weinige besonderhede oor die berge van Wes-Europa is 'n goeie bewys hiervan. Die vernaamste bergkettings word nietemin, hoewel saaklik en terloops, genoem.

Die Pireneë word genoem as die suidelike grens van Aquitanië.⁽¹⁾ Aan die oostekant van die Pireneë skiet Mons Cebenna uit in 'n noordelike rigting al links van die Rhonerivier. In die winter lê hierdie Cevennes diep onder die sneeu. Verder noord lê die baie hoë⁽²⁾ berg Jura wat die westelike grens van Switserland vorm.⁽³⁾ Noord van die berg Jura langs die Ryn op, en noord - oos, waar die Ryn ontspring, lê Mt. le Vosge.

Die sprokiesagtige Alpe word nie juis ^{met} groter bewondering beskryf nie: in die omgewing van Octodurus is hierdie berge baie hoog.⁽⁴⁾

(1) B.G. 1.1.7.

(2) B.G. 1.6.1.

(3) B.G. 1.2.3. "---qui est inter Sequanos et Helvities."

(4) B.G. 3.1.6

BOSSE.

SILVA ARDUENNA.

Die Ardennebos is die grootste bos in Gallië. Vir meer as 500⁽¹⁾ myl strek dit van Oos na Wes, vanaf die Rynrivier tot feitlik aan die Scheldt.⁽²⁾

HERCYNIA SILVA.⁽³⁾

Die Hercyniese bos is een van die twee groot bosse van Germanië. Dit begin net noord van die Alpe in die gebied van die Helvitii (d.i. Switserland) en dan strek dit in breedte verder noord tot by die gebied van die Nemetes. Om dit in sy breedte deur te steek, het 'n man 'n reis van nege dae⁽⁴⁾ gekos, mits hy sy riete geroer het. Hoe ver die bos in lengte uitstrek langs die Donourivier op, kon Caesar nie vasstel nie. Die bewoners van die streke rondom die bos het self nie geweet nie. Sommige Germane het al vir sestig dae⁽⁵⁾ 'n reis in die bos onderneem, dog kon die einde daarvan nie bereik nie. Hulle het selfs nie eers 'n idee gehad waar dit aan die oostekant begin het nie.

(1) B.G. 6.29. Hierdie is Romeinse myle. 'n Romeinse myl was nagenoeg 1,617 jaarts, sodat 13 Romeinse myl gelyk sal wees aan byna 12 myl soos ons dit ken (Rice Holmes: Op. cit..p. 350). Met ander woorde, in moderne myle sou Caesar moes sê dat die Ardennebos meer as 459 myl in lengte strek.

(2) B.G. 5.3.4. "--- in silvam Arduennam---, quae ingenti magnitudine per medios fines Treverorum a Flumine Rheno ad initium Remorum pertinet".

(3) B.G. 6.25.

B.G. 6.25.1. ... latitudo novem dierum iter expedito patet.
(4) Die Hercyniese bos kon op die uiterste 150 myl breed gewees het. Dit sou maar 'n swak prestasie vir " 'n vinnige reisiger" wees as die afstand hom nege dae sou besig hou. Die ruigte van die bos was blykbaar die oorsaak van die lang duur van die reis.

B.G. 6.25.4.
(5) As dieselfde maatstaf as in die vorige voetnota moet geld, beteken dit dat die bos min of meer 975^{1/2} myl moes wees.

Daar is natuurlik vandag nog baie bekende woude wat kan bestempel word/^{as}"afstammelinge" van die Hercyniese bos:

(a) Die Swart Woud langs die Ryn tussen Switserse en Zwabiese Jura, (b) die Beierse Woud en die Bohemer Woud, albei oos van Frankiese Jura, (c) die Bakony Woud wes van Boedapest en (d) die alom bekende Weense woude. Hierdie feit gee ook 'n mooi idee van hoe groot die Hercyniese bos moes gewees het.

BACENIS SILVA.

Oor die grootte van hierdie bos word daar ongelukkig nie uitgesê nie. Dit is in elk geval baie groot en is geleë in die noord-oostelike hoek van Germanië op die verste uithoeke van die gebied van die Suebi.⁽¹⁾

MOERASSE.

Kere sonder tal word daar in die De Bello Gallico verwys na uitgestrekte bosse en moerasse. Veral twee plekke was berug vir hierdie natuurlike verdedigingswalle: die gebied van die Menapii⁽²⁾ bo by die Ryndelta en die omgewing van Avaricum⁽³⁾ in die sentrale gebied van die Celtae Galli.

Hierdie moerasse met hulle bosse was vir die Galliërs 'n ideale toevlugsoord en 'n uitstekende beskerming in tye van gevaar. En hulle het die kuns geëen om van hierdie gawe van die natuur gebruik te maak! Vir Caesar is die moeras absoluut "ontoeganklik", maar intussen floreer die vyand daarbinne, man en muis.

In verband met hierdie moerasse is dit uiters interessant om die boek van W.H.S. Jones onder hande te neem. Die titel⁽⁴⁾ van die boek gee genoegsame aanduiding van die inhoud.

(1) B.G. 6.10.5.

(2) B.G. 6.54.

(3) B.G. 7.16.1.

(4) W.H.S. Jones: Malaria, a neglected Factor in the History of Greece and Rome. (Cambridge University Press, 1907).

PAAIE, BRÛE en VERVOERMIDDELS.

A. PAAIE.

As die moderne motoris deur Caesar se Wes-Europa moes reis met slegs 'n eksemplaar van die De Bello Gallico as gids, sou dit met hom maar beroerd gegaan het, want van paaie was daar blykbaar 'n groot skaarste. Trouens, Caesar het die waarheid hiervan self ondervind. Telkens is hy verplig om spioene uit te stuur om te verken waar selfs klein riviértjies⁽¹⁾ oorgesteek kan word. By 'n ander geleentheid, weer, doen hy navraag na die paaie uit die gebied van die Ubii in die gebied van die Suebi in.⁽²⁾

Nogtans is die benaming van "pad" (iter en via) nie skaars nie. Dit wil egter lyk asof "koers" en "rigting" en soms "pas" 'n beter idee gee van wat Caesar bedoel. So was daar byvoorbeeld 'n pad oor Mt. Cevennes. In die winter was hierdie pad diep onder die sneeu en die Romeinse soldate moes ses voet diep deur die sneeu grawe om dit oop te kry.⁽³⁾ Dit is eerder moontlik dat hierdie "pad" in die vroeë jare van die Romeinse veroweraars slegs 'n natuurlike pas oor die berge was.

Daar was nog so 'n pas op die handelsroete oor die Alpe, presies waar is moeilik om te sê. Ook hier is die moontlikheid sterk dat die berge hier 'n natuurlike geleentheid gebied het om oorgesteek te word. Daar is nie net een pas nie en daar is ook nie net een roete nie. Die bewys hiervoor is baie duidelik uit die episode waar Galba gestuur is om die persone wat die pas onveilig gemaak het, op hulle plek te sit. Toe Galba gedwing word om te vlug, stel hy voor dat hulle vlug langs die "roetes" waarmee hulle gekom het en daar word melding gemaak van "passe" wat geblokkeer was.⁽⁴⁾

(1) B.G. 5.49.

(2) B.G. 6. 9.8.

(3) B.G. 7.8.2.

(4) B.G. 3. 1-3.

Dieslfde argument geld in 'n mate vir die geval waar daar twee paaie⁽¹⁾ genoem word om uit die gebied van die Helvitii in Gallië te kom. Die pad wat deur die gebied van die Sequani geloop het tussen die Rhonerivier en berg Jura deur, was moeilik begaanbaar. Dit was so nou dat slegs een kar op 'n slag daardeur kon gaan. 'n Beter voorbeeld van 'n natuurlike roete sal moeilik op enige ander plek ter wêreld gevind word, want dit is 'n bekende feit dat die voet van Jura vir lang distansies 'n mooi gelykte laat tussen die berg self en die rivieroewer.

Die tweede pad wat genoem word, werp meer lig op die saak. Hierdie pad gaan deur die Romeinse provinsie aan die suide en is maklik en gerieflik. Met ander woorde: van paaie, in die moderne sin van die woord, is daar slegs sprake so ver as wat die Romeinse beskawing strek. Verder was dit 'n kwessie van koers-inslaar, min of meer op 'n wyse soos die Voortrekkers dit gedoen het.

Waar daar wel paaie was, was hulle nie juis te wyd nie. 'n Mooi voorbeeld van hoe smal die paaie was, selfs in die onmiddellike omgewing van groot dorpe, blyk uit die groot vangs wat Caesar gemaak het onder die inwoners van Cenabum. Die paaie het eenvoudig nie wegkomkans gebied nie: „---perpaucis ex hostium numero desideratis quin cuncti caperentur, quod pontis atque itinerum angustiae multitudini fugam intercluserant”.⁽²⁾

(1) B.G. 1.6.1. *Etant omnino itinera duo....*

(2) B.G. 7.11.

Dit is die prentjie wat Julius Caesar van Wes-Europa skets. Professor Cary het egter 'n ander voorstelling: „In addition to its waterways, Gaul possesses a good natural system of roads, which can either follow the river valleys or bestride the intermediate uplands without wide detours or sharp gradients. Land travel accordingly was well developed before the coming of the Romans with their metalled roads. Convoys of pack-animals laden with ingots of Cornish tin plied between the Atlantic and the Mediterranean seaboard in the short space of thirty days".⁽¹⁾ Hy is egter verplig om melding te maak van „the absence of any clear reference ---- in ancient authors".⁽²⁾

(B) BRÛE.

Eienaardig genoeg werp die groot aantal brûe waarvan daar gelees word, nie veel lig op bestaande roetes nie. Eerstens is die ligging van die grootste gros van hierdie brûe te onnoukeurig geskets om iets daaruit wys te word. In die tweede plek was weinig van hulle permanente konstruksies. Die wat wel permanent was, was ook net permanent totdat Caesar hulle gevind het of totdat die vyand se veiligheid daardeur in gevaar gestel is.

Die gewone geskiedenis van 'n brug tydens Caesar se Galliese Oorloë, was iets soos die volgende: Daar was verskeie brûe oor die Allier, maar ten einde Caesar buite te hou, word hulle almal deur Vercingetorix afgebreek. Op 'n mars van vyf dae van Gergovia af bou Caesar een van die brûe weer op⁽³⁾ om sy vyand by te kom. By hierdie geleentheid word daar nie gesê of die brug weer afgebreek is nie, maar daar bestaan alle rede om te glo dat dit wel die geval was.

(1) M. Cary, The Geographic Background of Greek and Roman History, Clarendon Press, 1949, p. 251.

(2) Ibid: p. 254.

(3) B.G. 7.34-35.5 ... pontem reficere coepit.

Een van die permanente brûe was dié oor die Rhone om Genève te verbind met die gebied van die Helvitii. Die algemene lewenskringloop van 'n brug, soos reeds in 'n vorige paragraaf aangetoon, was ook weer op hierdie brug van toepassing: in 58 v.C. word dit deur Caesar afgebreek om die uittoeg van die Helvitii te stuit.⁽¹⁾

Nie lank nadat hierdie brug vernietig is nie, moes Caesar self weer aan die teenoorgestelde grens van die Helvitii 'n brug oor die Saône laat bou om die genoemde vyand agterna te kon sit.⁽²⁾

Behalwe die brug oor die Rhone naby Genève, was daar blykbaar ook 'n permanente brug uit Cenabum oor die Loirerivier.⁽³⁾

Toe Caesar van Gergovia af opgeruk het om by Labienus aan te sluit, is hy iewers op 'n ander plek oor die Loirerivier. Napoleon⁽⁴⁾ sê dat daar 'n permanente brug by Bourbon-Lancy was, maar dat Caesar blykbaar die rivier by Vichy oorgesteek het. Dit het Caesar drie dae geneem om van Gergovia af by die Loire te kom en dan het hy nog 'n gedeelte van die reis met geforseerde marsse⁽⁵⁾ afgelê. Die distansie van Gergovia na Vichy is te kort om aan hierdie gegewens te beantwoord en daarom besluit Dr. Rice Holmes: "--- we cannot tell where he forded the Loire; but probably the place was between Décize and Nevers".⁽⁶⁾

(1) B.G. 1.7.

(2) B.G. 1.13.

(3) B.G. 7.11.

(4) Op. cit. ii, p. 283. (*Sien voetnoot 2, p. 24*).

(5) B.G. 7. 56 Magnis diurnis nocturnisque itineribus confectis.

(6) Op. cit. p. 774.

Iewers (want meer definitief kan dit ook nie vasgestel word nie) was daar ook 'n brug oor die Aisne. Daar bestaan baie teorieë oor die moontlike ligging van hierdie brug. Berry-au-Bac, Condé-sur-Suippe, Pontavert en Pontarcy word genoem as moontlike plekke. Dr. Holmes⁽¹⁾ verkies egter Mauchamp.

Die inwoners van die omgewing het blykbaar opgesien teen die geweldige omvang van die taak om 'n brug oor die Ryn te bou. Die Germane het verkies om dit in skepe en vlotte oor te steek. Van hierdie idee het Julius Caesar nie gehou nie. Sy redes is heel interessant: „navibus transire neque satis tutum esse arbitrabatur neque suae neque populi Romani dignitatis esse statuebat”.⁽²⁾ Op grond van hierdie redes het hy by twee geleenthede 'n brug oor die Ryn laat bou.

In 55 v.C. het Caesar vir die eerste keer hierdie reuse taak aangepak. Die breedte, spoed en diepte van die rivier het die taak uiters bemoeilik, maar in tien dae was die brug voltooi. As 'n mens in ag neem dat die metode van brugbou vasgestel en goed bekend⁽³⁾ was, dat Caesar se soldate altyd „singulari studio” gewerk het en dat die hele Romeinse leër met die taak behulpsaam was, kan 'n mens 'n redelike idee vorm van hoe groot die omvang van die werk moes gewees het.

(1) Op. cit. pp. 659-668.

(2) B.G. 4.17.1. Met die oog op hierdie uitlating van Caesar moet daar tot die gevolgtrekking gekom word dat sake deur Cary 'n bietjie uit verband geruk word as hy sê „The extent to which the Romans exploited the Gallic waterways is attested by the survival of seventy-five inscriptions relating to boatmen's guilds,” (op. cit. p. 254).

(3) B.G. 6.9.4.

Die bou van hierdie brug oor die Ryn moes Caesar beslis baie hoofbrekens besorg het, want hy gee 'n haarfyn beskrywing⁽¹⁾ daarvan: twee pale van ongeveer agtien duim deursnee elk is met kruissporte aan mekaar vasgemaak, aan die punte skerp gemaak en langs mekaar in die rigting van die breedte van die stroom in die rivierbodem ingedryf met een of ander „machinatio" wat klaarblyklik nie 'n gebrek aan gewig gehad het nie. Om voorsiening te maak vir die drukking van die water, het hierdie pale effens stroom-op oorgehel. As verdere versterking is hierdie „pilaar" aan weerskante gestut deur middel van kruisbalke. Veertig voet stroom-af is 'n pilaar van dieselfde soort op dieselfde wyse ingeplant. Nou is die twee pilare verbind met 'n dwarsbalk van twee voet deursnee. Van die oewer af is nou 'n blad van hout gelê tot op die dwarsbalk oor die eerste twee pilare en die eerste klein gedeelte van 'n brug van veertig voet breed is klaar! So is verdere pilare oor die breedte van die rivier ingeplant, nader of verder van mekaar, ooreenkomstig die sterkte van die stroom.

Om te verhoed dat sy brug getorpedeer word deur middel van stompe en bome wat die vyand miskien hoër-op kon ingooi, is pale bokant die brug ingeplant om sulke drywende gevaartes af te keer. En natuurlik is 'n sterk garnisoen agtergelaat om die brug te beskerm.

Na agtien dae keer Caesar terug uit Germanië en om klaarblyklike redes is hy verplig om hierdie meesterstuk van 'n brug weer af te breek.⁽²⁾

(1) B.G. 4. 17.

(2) B.G. 4. 19. 4. ... se in Galliam recepit pontemque rescidit

Waar het Caesar hierdie brug oor die Ryn gebou?
Hierdie vraag het al aanleiding gegee tot baie spekulاسie.
Miskien is dit maar die beste om te volstaan by Dr. Rice
Holmes⁽¹⁾ se opsomming van die situاسie:

- (a) Napoleon⁽²⁾ reken dat die brug by Bonn was.
- (b) M.F. Essellen⁽³⁾ is die mening toegedaan dat dit
by of baie naby Cologne was.
- (c) Long⁽⁴⁾ glo dat dit naby die samevloei van die
Moselle en die Ryn was, iewers tussen Andernach
en Coblenz.
- (d) Rice Holmes self stem ook saam met Long se redenasie:
"I conclude, doubtfully, that both the first and the second
bridge were built between Andernach and Coblenz, but that
there is no evidence for defining their positions more
exactly".⁽⁵⁾

Twee jaar later bou Caesar weer 'n brug oor die
Ryn 'n klein endjie hoër-op as die een waarvan daar so pas
melding gemaak is. Teen hierdie tyd het Caesar blykbaar
al geleer dat dit dwaarsheid is om elke keer weer van voor
af te begin, want hierdie brug word nie weer heeltemal
vernietig nie: net 200 voet aan die Germaanse kant word
afgebreek.⁽⁶⁾

- (1) Conquest of Gaul p.p. 706-724.
- (2) Histoire de Jules César, ii, 143, n. 3.
- (3) Zur Frage, wo Julius Cäsar die beiden Rhein-
Brücken schlagen liess, p.p. 9-11.
- (4) Caesar, p. 194.
- (5) Op. cit. p. 710
- (6) B.G. 6.29.

C. VERVOERMIDDELS.

Daar is reeds op gewys dat die moderne motoris nie juis veel vordering sou maak in Caesar se Wes-Europa nie; maar 'n ryloper sou blykbaar gladnie oor die weg gekom het nie.

Die probleem van vervoer was een waarmee Caesar self meermale rekening moes hou, veral wanneer dit die toevoer van sy nodige koringvoorraad geraak het. Dit is een van die groot redes waarvan Caesar sê: "Magnam haec res Caesaris difficultatem ad consilium capiendum adferebat"⁽¹⁾.

Die vervoermiddels oor land was karre en bagasiwaens,⁽²⁾ waarvan daar egter nêrens die geringste beskrywing voorkom nie. Ook die trekdiere wat gebruik is om hierdie vervoermiddels te trek, word nêrens by name genoem nie.

Die Germane het gebruik gemaak van skepe en vlootte om die Ryn oor te steek, maar die Veneti was die nasie wat by uitstek bekend was vir hulle bedrewenheid in die skeepskuns. Daar was gereelde verkeer tussen hulle en Brittanje.⁽³⁾

Die skepe van die Veneti word met 'n redelike mate van duidelikheid beskryf:⁽⁴⁾ Die skepe was sterk gebou van eikehout en terwille van die vlakplekke en die getye was die kiele heelwat vlakker as dié waaraan die Romeine gewoond was. (Caesar noem dit spesiaal want hy gaan die skepe waarmee hy na Brittanje wil seil, op dieselfde patroon laat bou vir dieselfde rede).

(1) B.G. 7. 10. Dit rym egter nie met wat Professor Cary oor die saak te sê het nie: "Wheeled traffic was so much in use that the Gauls could give the Romans lessons in the construction of coaches and wagons," (op. cit. p. 251).

(2) B.G. 4. 14. 4

(3) B.G. 3. 8. 1. vgl. p. 30 § 3.

(4) B.G. 3. 13.

Die voor- en agterstewe was hoog en stewig om die geweld van die golwe te weerstaan en blykbaar ook om die brekende branders makliker buite te hou. Die skepe was toegerus met behoorlike banke van een voet wyd en dié was vasgespyker met ysternaels so dik soos 'n man se duim. Die ankerkabels was ook nie van tou soos die van die Romeine nie, maar van kettings. Die Veneti was onbekend met seil en het dus velle vir dié doel gebruik. Die vel was natuurlik soveel sterker en gevolglik uiters geskik vir gebruik in stormagtige weer. Dit is te verstaan dat hierdie massiewe, swaar skepe ietwat stadiger sou wees as die konvensionele Romeinse modelle.

Alhoewel die voorafgaande twee gevalle die enigste is wat spesifiek genoem word, bestaan daar egter alle rede om met N.J.G. Pounds saam te stem as hy sê:
* „The rivers were much used for transport”(1). Dit is baie waarskynlik dat die riviere ingespan is vir swaar vervoer, veral as daar in aanwering geneem word dat die vervoermiddels oor land ver tekort geskiet het, veral ten opsigte van soliede en sterk konstruksie.

Die enigste hawe wat ter sprake kom, is Port Itius, waarvandaan die oortog van die vasteland na Brittanje die gerieflikste is. Om die dertig myl see hier oor te steek, het Caesar ongeveer sewe uur(2) geneem.

KLIMAAT.

Behalwe vir een vergelyking tussen die klimaat van Brittanje en dié van Gallië,(3) kom die klimaat van Wes-Europa nooit op die punt af tersprake nie.

(1) N.J.G. Pounds, A Historical and Political Geography of Europe, London, Harrap, 1947, p. 65.

(2) B.G. 5. 23.6.} *secunda inita cum solvisset uigilia (± 10 nm.)*
prima luce terram attigit.

(3) B.G. 5. 12. Loca sunt temperatiora quam in Gallia, remissioribus frigoribus.

As daar egter voor oë gehou word dat Caesar al sy veldtogte slegs in die somer onderneem het (behalwe in een geval waar nie Romeine in hulle winterkampe aangeval is ⁽¹⁾), kan 'n paar gevolgtrekkings gemaak word:

(a) Die vernaamste reënval in hierdie streke was in die somer. Ten minste by een geleentheid word daar melding gemaak van koring wat gaan lê het as gevolg van die baie reën. Reën het Caesar seker nie veel in die wiede gery nie, want anders sou 'n mens beslis meer van die onderwerp gehoor het!

Aan die ander kant weer, het reën sekere seisoene ook maar weggebly. Dit was byvoorbeeld so toe Caesar in 54 v.C. uit Brittanje teruggekeer het en hy verplig was om sy legioene oor 'n groter area in die winterkwartiere te versprei "quod eo anno frumentum in Gallia propter siccitates angustius prevenerat"⁽²⁾

(b) In die besondere strawwe winter van 1955 was die temperatuur in Parys, onder andere, 22° benede vriespunt. Dit was nou wel abnormaal, maar die feit bly tog staan dat dit in Wes-Europa baie kouer is as hier in ons sonnige land. Dit is tog snaaks dat Caesar so'n belangrike onderwerp ongerep kon laat verbygaan. Met 'n terloopse aanmerking dat die koue 'n tekort aan graan en voer veroorsaak het,⁽³⁾ is by oor die onderwerp uitgepraat; daar word ses voet diep gegrawe deur die sneeu op die ~~berg Jura~~ ^{Cevennes}, en daarmee is die saak afgehandel.⁽⁴⁾

(1) B.G. 5. 24 en verder

(2) B.G. 5. 24.1.

(3) B.G. 1. 16.2.

(4) B.G. 7. 8.2.

Een belangrike opmerking van Caesar dui egter daarop dat die inwoners van hierdie streke darem soms gesmag het na 'n bietjie beskutting: die geharde Germane, wat van kleinsaf doelbewus aan allerhande ontberings blootgestel word, moet verhoed word "ne accuratius ad frigora atque aestus vitandos aedificent." (1)

Die "aestus vitandos" dui egter ook op 'n totaal teenoorgestelde rigting: dit kon soms ook baie warm word. Oor die algemeen is die Galliërs lief om hulle huise naby bosse en riviere te bou terwille van die lafenis wat die natuur hulle daar bied. (2)

LANDBOU EN VEETEELT.

* "Gaul was a rich, agricultural country, able to support a dense population" (3). Dat hierdie woorde baie waar is, lei beslis geen twyfel nie, maar die lig wat die De Bello Gallico op die landbou in Gallië werp, laat die leser nog steeds in die duister.

Die vrugbaarste landerye was skynbaar dié van die Bellovaci tussen die Somme en die Seine en dit wil voorkom asof hulle die enigste stam was wat die moontlikhede van akkerbou behoorlik ge-eksploteer het. (6)

Naas die Bellovaci is dit blykbaar net die Nervii⁽⁴⁾ en die Menapii⁽⁵⁾ wat op 'n redelike groot skaal die landerye bewerk het.

Presies watter produkte in Gallië verbou is, in ewe-eens nie 'n uitgemaakte saak nie. "Frumentum" is die enigste term wat aangetref word.

(1) B.G. 6. 22. 3.

(2) B.G. 6. 30. "... aedificio circumdato silva, ut sunt fere domicilia Gallorum, qui vitandi aestus causa plerumque silvarum ae fluminum petunt propinquitates."

(3) N.J.G. Pounds, op. cit. p. 64.

(4) B.G. 6. 3.

(5) B.G. 6. 6.

(6) B.G. 2. 4. 6... latissimos feracissimisque agros possidere

Miskien moet daar 'n breër betekenis aan die woord geheg word sodat dit ander graansoorte ook insluit. Mielies kon natuurlik nie een gewees het nie, want dit is eers heel onlangs, komparatief gesproke, uit Amerika ingevoer. Dit is natuurlik bekend dat hulle in klassieke tye meel gemaak het uit die neute van die beukeboom, maar of dit in Caesar se dae gedoen is, is onseker. Caesar maak melding van beukebome, maar nêrens praat hy van iets wat moontlik as beukeboommeel geïnterpreteer kan word nie.

Die posisie by die Germane laat nie veel ruimte vir gissing nie: „agri culturae non student”.⁽¹⁾

Veeboerdery, in teendeel, het veel meer aandag geniet. Die Germaan, veral, wat van landbou niks wou weet nie, was vir sy nomadiese bestaan van sy veeboerdery afhanklik, want oorwegend het sy daaglikse diëet bestaan uit melk, kaas en vleis.⁽²⁾ Dit is dus te verstaan waarom die Sugambri tydens hulle rooftog (54 v.C.) nie kon nalaat om die vee wat hulle teenkom, saam te neem nie. „Cupidissimi”⁽³⁾ is die byvoeglike naamwoord waarmee Caesar hulle beskryf wanneer dit hierdie onderwerp raak.

In Gallië was die Nervii en die Menapii in die noorde na alle waarskynlikheid die grootste veeboere, alhoewel hulle ook, soos daar reeds aangetoon is, meer as die gemiddelde Galliër aan landbou aandag gewy het.

(1) B.G. 6. 22.1.

(2) B.G. 6. 22.1.

(3) B.G. 6. 35.6: Magno pecoris numero, cuius sunt cupidissimi barbari, potiuntur.

YSTERMYNE.

In die gebied van die Bituriges, dit is suid van die Loirerivier, was daar groot ystermyne, en alhoewel die Romeine waarskynlik nie die myne self gesien het nie, is hulle tydens die beleg van Avaricum so sterk beïndruk deur hierdie mense se ervaring en behendigheid in die grawe van tunnels dat Caesar nie kon help om daarvan met lof te praat nie.⁽¹⁾

Aangesien dit die enigste plek is waar daar verwys word na myne in Gallië, kan dit nie anders as om te * besluit soos Pounds⁽²⁾ nie: "Mining was of small importance".

Van ander minerale of edelgesteentes word daar nêrens melding gemaak nie. Die verwysing, egter, dat die Britte ingevoerde koper⁽³⁾ gebruik, dui egter daarop dat daar iewers in Wes-Europa koper ontgin moes gewees het, want getuienis dui daarop dat koper eers baie later in Brittanje ontgin is. Die Wes-Europese bron is ook onseker, maar dit kan veilig aangeneem word dat die koper die Britte bereik het via die Veneti.

Professor Cary verstrek 'n bietjie meer inligting as Caesar in verband met myne in Gallië: "As a mining area Gaul in ancient times did not hold equal rank with the Spanish peninsula. It was not so well off for silver and copper.....On the other hand, at the time of the Roman conquest the Gallic temples were irresistibly rich in gold from river washings in the Cevennes and Pyrenees, and various districts of Gaul were well stocked with iron ore.

(1) B.G. 7. 22.2: apud eos magnae sunt ferrariae atque omne genus cuniculorum notum atque usitatum est.

(2) Op. cit. p. 64.

(3) B.G. 5. 12.4: *aere utuntur importato.*

The great Lorraine ironfield, it is true, remained almost untouched, but the neighbouring deposits in the Liège-Namur basin and in the Jura were under active exploitation High quality ore was also extracted near Bourges on the eastern flank: it was the latter minefield which made Avaricum (Bourges) into the chief arsenal town of Gaul".⁽¹⁾

FAUNA EN FLORA.

Alhoewel hout so'n groot rol in militêre aangeleenthede gespeel het, word slegs vier boomsoorte by name genoem: die beukeboom, denneboom, eikeboom en die taksis.⁽²⁾

Die taksisboom is redelik volop in Gallië, maar word vermeld vir 'n heel besondere rede: die sap hiervan is 'n dodelike gif en ten minste een van die Galliese leiers pleeg hiermee selfmoord as die nood te hoog word.⁽³⁾

Een van die weinige gevalle waar Caesar doelbewus van sy tema afwyk om 'n bietjie inligting van aardrykskundige belang te verstrek, is waar hy in beskrywing gee van die wildsoorte⁽⁴⁾ van die Hercyniese bos.

(a) DIE TAKBOK.

Die takbok van die Hercyniese bos is presies soos ons hierdie wildsbok vandag nog ken: een ⁽⁵⁾regop horing wat dan uitsprei "soos palms en takke".

(b) DIE ELK.

Hierdie unieke wildsbok het, wat die bou en vel betref, baie ooreengestem met die ree, maar was 'n bietjie groter en het geen horings gehad nie. Die Natuur het die elk so geskape dat hy jagters betreklik maklik ten prooi geval het: die dier het nie gewigte in sy bene gehad nie!

(1) Cary, op.cit. p. 246-7.

(2) In volgorde: fagus, abies, robor en taxus.

(3) B.G. 6. 31.5: taxo.... se animavit.

(4) B.G. 6. 26-28.

(5) Die "een horing" moet nie geïnterpreteer word as een sentrale horing soos bv. die van 'n venoster nie. Caesar bedoel tog sekerlik dat die bok twee horings gehad het en dat "elke individuele horing" dan uitsprei. Of was Caesar werklik "snik inasemend"?

As die elk dus eenmaal sy balans sou verloor en val, dan was dit ook die einde van sy voortbestaan.

Jagters het hierdie natuurlike swakheid van die elk gou besef en 'n baie eenvoudige plan beraam om so'n wildsbok neer te trek: die bok het naamlik teen 'n boom gaan leun om te slaap en deur die boom half af te kap, was die jagter fietlik seker dat die elk wat teen daardie boom kom slaap, die boom met sy gewig sou omstoot en saam daarmee sou val.

(Caesar se hele verhaal berus natuurlik op net so'n groot wanindruk soos Vergilius se storie van Aristaeus en sy bye. Die elk is vandag nog volop in Rusland en alhoewel hy van nature baie lomp en onnosel is, slaag die Russe nogtans daarin om hom af te rig vir die sirkustent).

(c) DIE OER-OS.

Die oer-os het, wat voorkoms betref, baie gelyk soos 'n bul, maar dit was baie groter - „paulo infra elephantos”⁽¹⁾ Ook die humeur van hierdie wildsbok was in direkte verhouding tot sy grootte: „neque homini neque ferae quam conspexerunt, parcunt”.⁽²⁾

Vir die Germaan wat van kleinsaf doelbewus aan swaarkry en gevare blootgestel is, was die oer-os net die regte opponent. Die horings van die „uri” is aan die rant met silwer beslaan en dié is dan by spesiale geleenthede as drinkbekers gebruik.⁽³⁾ 'n Mens kan jou voerstel hoe die gaste se oë sou gerek het as die gasheer 'n hele paar van hierdie uri-bekers sou te voorskyn bring, want om 'n oer-os dood te maak, was 'n groot prestasie. Hoe meer uri-bekers 'n man dus besit het, hoer meer is hy bewonder vir sy buitengewone dapperheid.

(1) & (2) B.G. 6. 28.

(3) B.G. 6. 28. 6. Haec studiosae conquisita ab labris argenteo
circumclauant atque in amplissimis epulis
pro poculis utuntur.

Die lyk tog nie so'n groot prestasie om 'n oer-os in die hande te kry nie, want die diere is in vanggate gevang en daar doodgemaak. Die gevaar van die saak was blykbaar verbonde aan die metode om die oer-os in die vanggat te laat beland: die jagter moes waarskynlik voor die aanstormende gevaarte uitvlug en die dier blindelings in die vanggat laat vasloop. Dit was die groot knoop, want, sien, behalwe al sy besondere hoedanighede, was die oer-os ook bekend vir sy reuse krag en sy groot speed!

DEEL 11.

DIE ETNOGRAFIE VAN WES-EUROPA.

INLEIDING.

Daar is veral twee faktore wat dit moeilik maak om 'n akkurate skets van die etnografie van Wes-Europa te gee: (a) die groot mengelmoes van stamme en nasies, en (b) die feit dat die gebied van die meeste nasies nie pertinent deur grense afgebaken word nie.

Uit die inligting wat Caesar verstrek, kan die ligging van die gebied van die verskillende nasies slegs by benadering vasgestel word met 'n mindere of meerdere mate van sekerheid. Daar is talle nasietjies waarvan daar melding gemaak word sonder hoegenaamd enige verdere verwysing. Op die kaart word sulke nasietjies aangedui deur 'n vraagteken agter die naam, of andersins word hulle aangedui op gesag van Rice Holmes, wat hom op sy beurt beroep op talryke outoriteite.

In die volgende hoofstukke sal daar gepoog word om 'n etnografiese indeling te doen van suid na noord en terselfdertyd, indien moontlik, van wes na oos. Omstandighede maak dit egter onmoontlik om deurgaans op hierdie patroon vol te hou.

Rice Holmes⁽¹⁾ doen sy etnografiese indeling alfabeties. Dit mag nou wel geleerd lyk, maar daardie bontspringery wat dit meebring, vererger Caesar se mengelmoes nog verder tot 'n behoorlike kraaines, waaruit 'n mens absoluut niks kan wys word nie.

F. Lot doen 'n oulike indeling in sy „La Gaule”,⁽²⁾ maar dié is ongelukkig te oppervlakkig en te ongemotiveerd om vir hierdie studie van enige waarde te wees.

(1) Op. cit. pp. 351-503

(2) Ferdinand Lot, La Gaule: Les Fondements Ethniques, Sociaux et Politiques de la nation Française. Librairie Arthème Fayard, Parys, 1947.

DIE ETNOGRAFIE VAN WES-EUROPA.

A. TUSSEN DIE PIRENEË, DIE GARONNE EN DIE RHONE,
d.i. Aquitanië.

Caesar is geneig om in sy etnografiese inligting baie vaag te wees en by die inwoners van Aquitanië is hy so vaag soos nêrens elders nie: nie eers een enkele nasietjie word op 'n bepaalde plek geplaas nie. Die enigste aanwysing, hoewel nie duidelik nie, is die ligging van Tolosa, Carcaso en Narbo, drie stadstate wat geleë was na aan die grens van Gallië.⁽¹⁾

Die verskillende stamme wat hierdie streek bewoon het, was die volgende: die Sotiates, Tarbelli, Bigerriones, Ptianii, Vocates, Tarusates, Elusates, Gates, Ausci, Garunni, die Sibusates en die Cocosates.⁽²⁾ Dit is opvallend en eienaardig dat Caesar slegs melding maak van een dorp onder al hierdie nasies, naamlik een in die gebied van die Sotiates.⁽⁴⁾ Die naam van die dorp word verswyg.

Aangesien daar in Caesar hoegenaamd geen grond te vinde is waarvolgens hierdie stamme op 'n kaart aangedui kan word nie, en aangesien dit buite die bestek van hierdie studie val om sodanige gronde te soek op enige plek behalwe in die De Bello Gallico self, word die posisie van al hierdie nasies slegs aangedui na aanleiding van die voorbeeld van talle bestaande kaarte.

Die Volcae Tectosages het hulle ook op 'n vroeëre stadium in Aquitanië bevind. Hulle vernaamste stad was Narbo. Hierdie is 'n bekende feit wat egter nie deur Caesar genoem word nie. Hy maak melding van 'n gedeelte van die Volcae Tectosages wat na Germanië verhuis het en die omgewing rondom die Hercyniese bos beset het.⁽³⁾ Dit bring dus mee dat daar 'n Galliese sowel as 'n Germaanse seksie van hierdie stam was.

(1) B.G. 3.20. (2) B.G. 3. 27.

(3) B.G. 6. 24.

(4). B.G. 3.21. 2: ... oppidum Sotiatum oppugnare coepit.

B. TUSSEN DIE GARONNE, LOIRE, RHONE EN DIE BO-RYN.

Geen grens van die Arverni, die sterkste stam van hierdie hele streek, word êrens deur Caesar geskets nie. Rice Holmes plaas hulle egter langs die Allier en die Loire-Superieure.⁽¹⁾

Die aanhang van die Arverni het die volgende stamme ingesluit: die Eleuteti, Cadurci, Gabali en die Vellavii.⁽²⁾

Die Cadurci word driemaal deur Caesar genoem,⁽⁵⁾ maar ook sonder enige aanduiding van waar hulle moontlik kon gebly het, behalwe dat dit êrens in die nabyheid van die Arverni moes gewees het. Dit is egter deur ander outeurs vasgestel dat hulle aan die rivier Lot gewoon het. Die ligging van die Eleuteti, wat saam met die Cadurci genoem word, is nog altyd 'n onopgeloste probleem. Die gebied van die Gabali is bepaal en dieselfde geld vir die Vellavii, wat geplaas word op die ligging van Velay van ouds.

Van die Ruteni word gesê dat hulle naby die Cadurci woon en dat een seksie van hulle in die Romeinse Provinsie woonagtig was.⁽³⁾ Aan die een kant was hulle bure van die Gabali wat reeds genoem is, en die bure aan die weste was die Nitioibriges, wat dan noodwendig geplaas moet word min of meer by die samevloei van die Olt en die Garonne.

Die Petrocorii word slegs genoem, dog dit is bekend dat hulle aan die Dordognerivier gewoon het.⁽⁶⁾

Uit Caesar se vertelling kan daar uit die rigting waarin hy beweeg het, afgelei word dat die Santoni wes van die Haedui geleë was.⁽⁴⁾

(1) op. cit. p. 371.

(2) B.G. 7.75.

(3) B.G. 7. 7.

(4) B.G. 1.10.

(5) B.G. 7.4.6; 7.64.6; 7.75.2.

(6) Rice Holmes: op.cit. p. 467.

Die werklike ligging van die Santoni laat 'n mens egter wonder hoe Caesar kon sê dat hulle nie ver van die gebied van die Tolosates⁽¹⁾ af was nie.

Die Pictones, Turoni en Lemovices word verder genoem as bure van die Arverni.⁽²⁾

Die Volcae Arecomici⁽³⁾ was in die Romeinse Provinsie, naby Narbo en terselfdertyd ook nie ver van die Ruteni nie. Dit wil voorkom asof hulle, tesame met die Volcae Tectosages, die inwoners was van die streek wat gevorm word deur die Garonne, die Cevennes en die Rhone.

Die Helvii moes die noordelike hoek van hierdie streek bewoon het, want hulle is deur Mt. Cevennes van die Arverni geskei.⁽⁴⁾

Die Segusiavi word aangegee as die eerste nasie oorkant die Rhone buite die Romeinse Provinsie.⁽⁵⁾

Dit word vandag aangeneem dat die Ambarri⁽⁷⁾ net noord van die Segusiavi gewoon het, tussen die Saône en die Rhone. Caesar self verstrek egter geen inligting oor die onderwerp nie.

Die Ambiliati word genoem as bondgenote van die Veneti.⁽⁸⁾ Die feit dat hulle egter nie getel word onder die "Aremoricae civitates" nie, dui miskien daarop dat hulle ten suide van die Loire woonagtig was.

Die enigste noemenswaardige gebied wat nou nog nie uitgedeel is nie, is dié noord-wes van die Allier en wat strek oor die Cher - en die Indreriviere. Dit het behoort aan die Bituriges wat deur die Loire geskei was van die Haedui.⁽⁶⁾

(1) Sien Tolosa, p. 36. B.G. 1.10.1.

(2) B.G. 7.4.

(3) B.G. 7.7.

(4) B.G. 7.8.

(5) B.G. 1.10 en 7.64.

(6) B.G. 7.5.4

(7) B.G. 1.11.4; 1.14.3.

(8) B.G. 3.9.9.

Caesar maak melding daarvan dat meer as twintig dorpe van die Bituriges deur Vercingetorix afgebrand word,⁽ⁱ⁾ maar hy noem slegs drie by name. Die ligging van Gorgobina en Noviodunum is nie duidelik nie, behalwe dat daar afgelei kan word dat Noviodunum tussen Cenabum en Gorgobina geleë was. Avaricum (Bourges) was die grootste dorp van almal en daarbenewens was dit ook die beste versterk. Dit was feitlik omsluit deur 'n rivier en 'n moeras en het slegs een baie nou ingang gehad. Toe hierdie dorp deur Caesar ingeneem is, het skaars agthonderd uit die 40,000 inwoners ontkom deur te vlug.⁽ⁱⁱ⁾

Die Boi, 'n baie klein groepie, het oorspronklik net oos van die Allier, regoor die Bituriges, gewoon. Caesar stel dit nie so nie, maar hy noem die feit dat hy hulle na die Helvitiese oorlog 'n hele ent suid geskuif het en hulle daar in Gorgobina geplaas het en belastingpligtig gemaak het aan die Haedui.⁽¹⁾

Die Aulerici Brannovices word slegs genoem as afhanklikes van die Haedui.⁽²⁾ Na aanleiding hiervan word hulle naby die Boi geplaas, maar hulle kan net so goed op enige plek rondom die Haedui geplaas word. Die onduidelikheid word nog verder vergroot deur teksverskille. Daar is nie minder as vier verskillende lesings nie: Brannovicibus, Blannovicibus, Brannoviis en Blannoviis. Dit mag wees dat die vier name een en dieselfde stam probeer aandui. Indien nie, beteken dit maar net dat daar nog verdere stamme bykom wat nie geplaas kan word nie.

(i) B.G. 7.15.1. uno die amplius xx urbes Biturigum incenduntur.

(1) B.G. 7.9.

(2) B.G. 7.75.

(ii) B.G. 7.28.5.

C. TUSSEN DIE LOIRE, SEINE-ET-MARNE EN DIE RYN.

Die westelike gedeelte van hierdie gebied is bewoon deur 'n groep state „quae Oceanum attingunt quaeque eorum consuetudine Aremoricae appellantur, quo sunt in numero Coriosolites, Redones, Ambibarii, Caletes, Osismi, Veneti, Lexovii, Venelli.”⁽¹⁾ Van hierdie groep het die Caletes egter nie in die gebied ander bespreking gewoon nie, maar „were on the right bank of the estuary of the Seine”.⁽²⁾

Uit Caesar se verhaal is dit duidelik dat die Veneti, meer as enige ander stam van hierdie groep, direk aan die see moes gewoon het. Dit kan ook veilig so aangeneem word, want waaraan anders sou hulle kennis en ervaring van die skeepskuns dan toegeskryf kan word? Die feit dat hulle slegs 'n paar ~~hawens~~ besit het en gewoon was om na Brittanje te seil, werp egter geen lig op watter gedeelte van die kus dit is wat hulle bewoon nie. Hulle dorp Venetia, soos waarskynlik ook ander dorpe op ander plekke, was gebou op die punt waar die land die verste in die see inskiet.

Daar kan verder ook afgelei word dat die Veneti die mees invloedryke stam van al hierdie nasietjies was, want al die lede van die Aremoricae civitates word bestempel as bondgenote van die Veneti. Hierdie bewering word verder gestaaf deur die feit dat hulle nog verskeie ander bondgenote gehad het wat verder noord geleë was en waaronder sterk stamme soos die Morini en die Menapii getel het.

Om die ligging van die state verder te probeer bepaal, sal uitloop op 'n haarklowery wat nie veel lig op die saak sal werp nie. So kan daar byvoorbeeld uit B.G. 3.11. afgelei word dat die Venelli, Coriosolites en die Lexovii min of meer bure was, dog in watter rigting die een van die ander geleë het, bly nog 'n onopgeloste kwessie.

(1) B.G. 7.75.

(2) Rice Holmes, op. cit. p. 371.

Die Esuvii word ook bestempel as een van die seestate en die Andes grens ook aan die Oseaan.⁽¹⁾ Die feit dat hulle nie genoem word onder die *Aremoricae civitates* nie, dui egter daarop dat Caesar nie te letterlik geïnterpreteer moet word nie. Hierdie twee stamme moet 'n entjie dieper in die binneland in geplaas word. Die verwysing na die *Coriosolites* en die *Veneti* as buurstate van die Andes dui daarop dat dié staat suid van die Esuvii geleë kon gewees het.

Die posisie van die *Namnetes* word nie aangegee nie,⁽⁵⁾ maar hierdie stam word gewoonlik geplaas op die regteroewer naby die mond van die Loire op die plek van die moderne Nantes.

Daar kan afgelei word dat die *Aulerce* bure van die *Venelli* was en hulle word ook getel onder die seestate.⁽²⁾ Dieselfde argument as vir die Esuvii⁽³⁾ en die Andes moet egter hier ook geld. Die *Aulerce* word onderverdeel in twee stamme: die *Aulerce Cenomani* en die *Aulerce Eburovices*.

Caesar noem die *Diablintes* net op een geleentheid,⁽⁴⁾ naamlik as bondgenote van die *Veneti*. Dit is dus waarskynlik (maar nie noodsaaklik nie, want daar is reeds melding gemaak van bondgenote noord van die Seine) dat hulle ook iewers tussen die genoemde seestate 'n woonplekkie gevind het.

(1) B.G. 3.7.

(2) B.G. 2.34.

(3) F.Lot (op. cit. p. 45) assosieer die Esuvii met die *Sagii*: „Un petit peuple, non mentionné par César, sans doute parce qu'il était une subdivision des Eburovices ou était de leur clientèle, les *sagii* --- Il est probable que les Esuvii de César.”

(4) B.G. 3.9.9.

(5) B.G. 3.9.9.

Die Parisii⁽¹⁾ word sonder nadere besonderhede genoem, maar die feit dat hulle dorp Lutecia (Parys) ook genoem word, maak hulle maklik plaasbaar. Lutecia self was geleë op 'n eiland in die Seinerivier.

Nou kan die posisie van die Senones ook makliker bepaal word, want hulle word bestempel as aangrensend aan die Parisii⁽¹⁾ en as bure van die Belgae.⁽²⁾ Hierdie feite stel dit bo alle twyfel dat die Senones, die nasie wie se haat Caesar hom op die hals gehaal het,⁽³⁾ direk suid van die Marne gevestig was.

Die Senones was 'n baie sterk staat met groot invloed onder die Galliërs.⁽⁴⁾ Een van hulle dorpe was Agedincum, en wes hiervandaan was Vellaunodunum, wat op sy beurt weer 'n reis van twee dae van Cenabum van die Carnutes af was. Noord, in die rigting van Lutecia, was hulle ander dorp, Meclosedum, wat, net soos Lutecia, ook op 'n eiland in die rivier gebou was.

In werklikheid was die staat van die Senones en dié van die Parisii verenig (blykbaar op inisiatief van die Parisii), maar laasgenoemde het wyslik besluit om liever Caesar se vriendskap te soek.⁽⁵⁾

Die ligging van die Carnutes word nie gegee nie, maar hulle vriendskap met die Senones en hulle nabyheid aan Lutecia regverdig 'n posisie suid-wes van hierdie dorp. Dit wil egter nie mooi klop met die aanduiding dat hulle onder die beskerming van die Remi was nie.⁽⁶⁾

(1) B.G. 6.3.4; 7.4.6; 7.34.2; 7.57.1; 7.75.3.

(2) B.G. 6.3.

(3) B.G. 2.2.

(4) B.G. 6.5.2: ex huius incundia aut ex eo quod meruerat odio

(5) B.G. 5.54.

(6) B.G. 6.3.

(6) B.G. 6.4.

Wat die vernaamste dorp van die Carnutes betref: „Leur capitale politique était Autricum ---- Mais leur centre commercial était un port fluvial au coude de la Loire, Cenabum ou Genabum.”⁽¹⁾ Caesar maak nie melding van 'n politieke sentrum nie, maar origens is dit presies soos Caesar die ligging van Cenabum skets. Hierdie dorp is later deur Caesar geplunder en afgebrand.⁽⁴⁾

As 'n mens natuurlik nie in Caesar rondsoek na afgebakende grense nie, is die posisie waar die Lingones hulle bevind het, maklik bepaalbaar. Daar is twee baie duidelike verwysings na die ligging van hierdie stam: (a) Mons Vosegus lê in hulle gebied en (b) die Meuse ontspring hier.⁽²⁾

Die Mandubii⁽⁵⁾ was blykbaar 'n baie onbenullige ou nasietjie, want hulle vestings by Alesia is inderdaad meer bekend as die nasie self. Die onmiddellike nabyheid van so 'n sterk nasie soos die Haedui, wat nogal hulle eie imperialistiese aspirasies gekoester het, maak die moontlikheid baie sterk dat die Mandubii se land in die gebied van die Haedui geleë was.

Die dorp Alesia⁽⁶⁾ wat eintlik maar net 'n vesting was, was geleë op die top van 'n heuwel en die enigste manier om dit in te neem, was feitlik 'n beleg soos Caesar gedoen het. Aan weerskante van die heuwel was daar 'n rivier - die Oze en die Ozerain is nie juis groot riviere nie - en verder was die dorp omring deur rante.

Die Sequani het die heel oostelike deel van die gebied onder bespreking bewoon. Hulle is deur die berg Jura geskei van Helvitia⁽³⁾ en hulle gebied stem dus baie ooreen met dié van Franche Comté van vandag.

(1) F.Lot: op. cit. p. 44.

(2) B.G. 4.10.

(3) B.G. 1.8.

(4) B.G. 7.11.9. *Oppidum diripit atque incendit.*

(5) B.G. 7.68.1; 7.71.7; 7.78.3.

(6) B.G. 7.68.1; 7.69.1; 7.75.1.

Hulle grootste dorp was Vesontio (Besançon), waarin die top-
punt van alle dinge wat geskik is vir oorlog, aanwesig was.
Dit was feitlik omring deur die Dubis (Doubsrivier) en die
gedeelte waar die rivier nie mooi omsluit is nie, is gevul
deur 'n baie hoë berg wat reik tot aan die oevers van die rivier.
Die berg is op sy beurt met 'n muur omring.⁽¹⁾

Caesar sê dat die Helvitii deur die land van
die Sequani en Haedui trek op pad na die Santoni. Dit stel
die ligging van die gebied van die Haedui duidelik genoeg.
Die staat Haedua was al baie jare lank onder Romeinse be-
skerming⁽²⁾ en Caesar het persoonlik 'n baie hoë dunk van
hierdie nasie gehad.⁽³⁾

Bibracte (d.i. die moderne Autun) word beskryf
as die grootste dorp van die Haedui, maar die ligging hiervan
word nie duidelik genoeg gestel nie. Wes van Bibracte was
Noviodunum, geleë op die oevers van die Loirerivier. Die in-
woners hiervan is uitgemoor en die dorp self afgebrand deur
Eporedorix en Viridomarus.⁽⁴⁾ Decetia, wat gestaan het
waar Decize van vandag is aan die Loire, was 'n derde dorp van
hierdie groot stam. Dit kan nie met sekerheid gesê word of
Cavillonum 'n dorp van die Haedui was nie, maar die feit dat
Caesar praat van „Cavilloni et Matiscone in Haeduis”,⁽⁵⁾ maak
dit waarskynlik dat albei hierdie dorpe wel aan die Haedui
behoort het.

Die Boi, Segusiavi, Ambivariti, Aulerici
Brannovices en die Bituriges het almal onder die afhanklikes
van die Haedui getel.

(1) B.G. 1.38.

(2) B.G. 6.4.3

(3) B.G. 5.7.1.

(4) B.G. 7.55.7.

(5) B.G. 7.90.7.

D. NOORD VAN DIE SEINE-EN-MARNE EN WES VAN DIE RYN.

Hoewel Caesar nie die ligging van die Caletes noem nie, behalwe die feit dat hulle 'n seestaat is, is daar reeds daarop gewys⁽ⁱ⁾ dat hierdie stam gewoonlik net noord van die mond van die Seine geplaas word. Die Vellocasses mag moontlik hulle bure gewees het.

Die Meldi⁽ⁱⁱ⁾ wat genoem word as die nasie waar Caesar skepe laat bou het voor sy vertrek na Brittanje, se ligging ten opsigte van een of ander nasie word verswyg en hulle kon dus óf naby die see, óf aan die Somme, óf aan die Seinerivier gewoon het.

Die Morini kan maklik geplaas word, want hulle was gevestig op die punt waar die vasteland die naaste aan Brittanje was,⁽¹⁾ d.w.s. teenoor Kent (Cantium).

Direk onder die Morini, op die oewers van die Sambre,⁽²⁾ was die Nervii gevestig. Dit is dus duidelik dat Caesar homself onbewustelik weerspreek wanneer hy aantoon dat hulle die verste woonagtig was van die Belgae-groep.⁽³⁾

Daar bestaan geen grond waarvolgens die Ceutrones, Grudii, Levaci, Pleumoxii en Geidumni,^(iv) afhanklikes van die Nervii, op die kaart aangedui kan word nie. Uit die aard van die saak moes hulle in die onmiddellike ongewing van die Nervii gevestig gewees het.

Die Atrebates was naburig aan die Nervii,⁽⁴⁾ dog daar is geen aanduiding wat hulle plasing op die kaart kan regverdig of verdedig nie, behalwe die wete dat hulle vernaamste dorp ontwikkel het in die moderne Atrecht.

Ander bure van die Nervii was die Viromandui en die Ambiani.

(i) p. 40 § 1.
(ii) B.G. 5. 5. 2.

(1) B.G. 4. 21.

(2) B.G. 2. 16.

(3) B.G. 2. 4. 8.

(4) B.G. 2. 16.

(iv) B.G. 5. 39. 1.

Die Bellovaci was gevestig op 'n afstand van ongeveer 25 myl van Samarobriva, die ligging waarvan egter nie aangetoon word nie. Bratuspantium was hulle vernaamste dorp.⁽ⁱ⁾

(ii)

Die Suessiones met Noviodunum as hulle vernaamste dorp (d.i. die moderne Soissons), was aangrensend aan die Bellovaci.

Op regterhand het die Remi op hulle beurt aan die Suessiones gegrens. "Les Soissonnais et le Rèmes se disaient «frères consanguins» selon Cèsar (2, 37)".⁽¹⁾ Die bande van bloedverwantskap was in werklikheid so sterk dat hierdie twee stamme dieselfde regstelsel en wette gebruik het en een gemeenskaplike koning gehad het.⁽²⁾

Die verste grens van die Remi was die Axona (Aisnerivier). Die feit dat Caesar hulle bestempel as „naaste aan die Belgae”,⁽³⁾ alhoewel hulle sonder enige twyfel in die gebied van die Belgae val, kan slegs beskou word as 'n glips. Dit mag egter ook wees dat Caesar om persoonlike redes verkies het om nie die Remi, van wie hy 'n baie hoë dunk gehad het, te tel onder die getal van die barbare verder noord nie.

(iii) (iv)

Durocortorum en Bibrax word genoem as dorpe van die Remi, maar slegs die posisie van laasgenoemde word vaagweg geskets as syndeagt myl van die Axona af. Dit is Bièvre van vandag.

Omstandighede maak dit noodsaaklik dat die prentjie hiervandaan reg noord verskuif word tot by die Ryndelta waar die Batavi woon op die eilandjies wat gevorm word deur die samevloei van die Waal en die Meuse.⁽⁴⁾

(i) B.G. 2.13.2

(ii) B.G. 2.12.1

(iii) B.G. 6.44.1

(1) F. Lot: op. cit. p. 50.

(2) B.G. 2.3.

(3) Ibid.

(4) B.G. 4.10.

(iv) B.G. 2.6.1

(i)

Die omgewing waar die Menapii hulle bevind het, kan slegs by benadering bepaal word deur die rigting te volg waarin daar van tyd tot tyd gemarsjeer word. So word die moontlike ligging van hierdie stam dan bepaal as links van die Ryn, net bo die samevloei van die Meuse en die Waal.

Die grootste gedeelte van die gebied van die Eburones lê tussen die Meuse en die Ryn.⁽¹⁾ Hierdie aanduiding, tesame met die aanwysing dat die Menapii hulle buurstaat was, maak die Eburones maklik plaasbaar. Hulle dorp, Atuatuca,⁽ⁱⁱ⁾ was eintlik maar net 'n fort in die middel van hulle gebied.

Dit is nou egter nie so maklik om aan die Ambivariti⁽ⁱⁱⁱ⁾ ook 'n stukkie grond uit te deel nie. Hierdie stam het "trans Mosam" gewoon en volgens die rigting van die opmars van die Tencteri en Usipetes moet dit beslis "links van die Meuse" beteken. Dit lyk dus baie moontlik dat die Ambivariti as afhanklikes in die gebied van die Eburones opgeneem gewees het. Dit wil egter nie klop met Caesar se uitlating dat die Ambivariti afhanklikes van die Haedui was,⁽²⁾ terwyl die Eburones onder beskerming van die Treveri was nie.⁽³⁾

Die Atuatuaci het suid van die Eburones gewoon. Caesar gee 'n interessante skets van hulle afkoms.⁽⁴⁾ Toe die Cimbri en Teutoni in Marius se dae besig was om op te ruk na Italië, het hulle hul bagasie by die Ryn laat staan en sesduisend van hulle mense daar agtergelaat as 'n garnisoen. Toe die opmars van die Cimbri en Teutoni gestuit is en hulle almal uitgewis is, het hierdie sesduisend aanvanklik 'n swaar bestaan gevoer. Later het hulle egter weer sterk op die been gekom en hulleself gevestig waar hulle deur hulle makkers agtergelaat was, en ontwikkel tot die sterk stam van die Atuatuaci.

(i) B.G. 2. 4. 9; 3. 9. 9.

(1) B.G. 5. 24

(2) B.G. 7. 75. 2

(3) B.G. 4. 6

(4) B.G. 2. 29. 4.

(ii) B.G. 6. 32. 3+4

(iii) B.G. 7. 75. 3 ; 4. 9. 3.

Hoe 'n sterk stam hulle werklik was, blyk duidelik uit die groot getalle: toe hulle verraad gepleeg het tydens Caesar se veldtog teen die Belgae, word 4,000 van hulle gedood, terwyl 53,000 as slawe verkoop word.⁽¹⁾

Daar was 'n stadium toe die Eburones belastingpligtig aan die Atuatuaci was, maar tydens die koningskap van Ambiorix het Caesar die Eburones vrygestel van hierdie verpligting.⁽²⁾

Die Condrusi, Caerosi en Paemani, wat onomwonde Germane genoem word,⁽³⁾ kan beswaarlik op inligting van Caesar op 'n kaart aangedui word. Die saak word nog verder bemoeilik deur die feit dat hulle deur geen ander klassieke skrywer, behalwe Caesar, genoem word nie.⁽⁴⁾

Die naam van die Condrusi leef nog voort in die moderne Condroz wat geleë is tussen Liège, Dinant en Namur. Caesar beduie dat die Segni en Condrusi geleë was tussen die Eburones en die Treveri.⁽⁵⁾

Die gebied van die Caerosi kan hoegenaamd nie bepaal word nie, behalwe dat dit uit die aard van die saak baie na aan die genoemde Germaanse stamme moes gewees het.

Op dieselfde wyse word die Paemani vandag geassosieer met Pays de Famenne en die Segni met Signi. Albei hierdie dorpies is nie te ver van Condroz nie en dit strook dan mooi met die feit dat Caesar hulle almal in een asem kan noem.

Van die Triboci word daar vertel dat hulle aan die Ryn gewoon het,⁽⁶⁾ en wel aan die westelike kant.

(1) B.G. 2.33.7.

(2) B.G. 5.27.

(3) B.G. 2.4.10.

(4) Rice Holmes, op. cit. p. 403.

(5) B.G. 2.4; 4.6; 6.32.

(6) B.G. 4.10.

Die Mediomatrici en die Nemetes word ook genoem as bewoners van hierdie streke. Na aanleiding van Caesar se inligting is dit egter meer logies om die Nemetes aan weerskante van die Ryn te plaas. Hulle het diens gedoen in die leër van Ariovistus, maar na die neerlaag van Ariovistus het die oorlewendes teruggetrek oor die Ryn.⁽¹⁾ Mommsen⁽²⁾ reken egter dat Caesar die Nemetes toegelaat het om op die westelike oewer van die Ryn te bly, min of meer in die omgewing van Spiers.

Die laaste belangrike nasie in die gebied van die Belgae was die Treveri onder wie se beskerming die Eburones en Condrusi was.⁽³⁾ Hulle gebied word aangegee as noord van die Mediomatrici aan die Ryn.⁽⁴⁾ Hulle het gegrens aan die Remi en was van die Eburones geskei deur die gebied van die Segni en Condrusi.⁽⁵⁾

Die gebied van die Leuci kan op geen manier hoegenaamd bepaal word nie.

Nou kan 'n mens goed verstaan op grond van welke rede Caesar nie die Germane wou toelaat om hulle in Gallië te vestig nie: daar was eenvoudig nie 'n onbewoonde gebied nie.⁽⁶⁾

E. TUSSEN DIE RHONE EN DIE ALPE EN DIE BEWONERS VAN DIE ALPE SELF.

Die Allobroges was van die Helvitii geskei deur die Rhone.⁽⁷⁾ Hulle verste dorp, d.w.s. van Italië af, was Geneva.

(i) B.G. 4.10.3.

(1) B.G. 1.53.

(2) Mommsen, History of Rome, 5, pp. 48-49.

(3) B.G. 4.6.

(4) B.G. 4.10 en 3.11.

(5) B.G. 5.3 en 24; 6.32.

(6) B.G. 4.8.2. neque ullos in Gallia vacare agros qui dari---
sine iniuria possint.

(7) B.G. 1.6.3.

Dit kan egter nie met sekerheid gesê word of Vienna (Wenen), wat ook deur Caesar vermeld word,⁽ⁱ⁾ destyds in die gebied van die Allobroges geval het nie.

Die ligging van die Ceutrones, Graioceli,⁽ⁱⁱ⁾ Caturiges en Vocontii kan slegs by benadering bepaal word, maar dit is duidelik dat hulle in elk geval in hierdie volgorde gelê het op die pad van Italië af na die Allobroges toe.

Die Nantuates, Veragri en die Seduni het in dieselfde volgorde gelê vanaf die gebied van die Allobroges en die meer van Geneve (Lacus Lemannus) na regs tot op die top van die Alpe.⁽¹⁾ Octodurus, waar Galba sy winterkamp gehad het, het waarskynlik in die sentrale gedeelte van hierdie gebied gelê.

Terloops, die verraderlike aanval van die Veragri en die Seduni op hierdie winterkamp van Galba, gee 'n mooi idee van die getalsterkte van hierdie oënskynlik nietige nasietjies: hulle het Galba aangeval met 'n leër van 30,000 en meer as een-derde daarvan in die geveg verloor.⁽ⁱⁱⁱ⁾

Die Lepontii was Alpebewoners in die omgewing waar die Ryn ontspring.⁽²⁾

F. GERMAANSE STAMME WAT AAN CAESAR BEKEND WAS.

Die Helvitii is deur die natuur in 'n nou plek saamgedruk.⁽³⁾ Die Rhonerivier en Lacus Lemannus aan die suide het hulle geskei van die Romeinse gebied.⁽⁴⁾ Die Ryn, noord-oos en oos, skei hulle van die Germane en die berg Jura was die noord-westelike skeiding tussen hulle en die Sequani.

(1) B.G. 3.2.

(2) B.G. 4.10.

(3) Moderne afmetings; 217 x 163 vk. myl.

(4) B.G. 1.2.

(i) B.G. 7.9.3.

(ii) B.G. 1.10.4+5

(iii) B.G. 3.6.2.

Geen wonder dat daar nie 'n behoorlike pad was om hulle met die buitewêreld te verbind nie.

Helvitia, die staat self, was verdeel in vier kantonne, waarvan die Tigurini een seksie gevorm het.

* Die Rauraci, Tulungi en Latobrigi word verskeie kere genoem, maar telkens slegs in hulle hoedanigheid as bure van die Helvitii. (1)

+ Die ligging van die meeste van die Germaanse stamme is maar bra onduidelik en dit kan slegs by benadering bepaal word deur middel van die rigting ten opsigte van Galliese state wat reeds bepaal is. So word daar beduie dat die Suebi en die Ubii oorkant die Treveri geleë was. (2) 'n Ander verwysing (3) dui egter daarop dat die Suebi 'n entweg van die Ryn gebly het. Daar bestaan egter in hierdie hoofstuk in die De Bello Gallico 'n baie klein teksverskil wat hierdie gevolgtrekking moontlik kan beïnvloed. Sommige handboeke lees: „Ubii, qui proximi Rhenum incolunt -----“, terwyl ander praat van „Ubi, qui -----“. Na aanleiding van eersgenoemde geval is dit dan maklik om die Ubii direk aan die Ryn te plaas, terwyl die Suebi dan weer land-in gewoon het. Dit is dan ook nie moeilik om te verstaan dat die Ubii 'n ander Germaanse groep sal agtervolg en doodmaak nie, want hulle het al reeds vantevore besef dat dit meer wys is om saam met Caesar te werk. (4)

Die Germane het ook dorpe besit, (5) maar dié word nêrens by name genoem nie.

Die beskrywing van die rooftog van die
xx. Sugambri (6) maak dit ook weer moontlik om die gebied van hierdie stam te bepaal as liggende teenoor die Eburones.

(1) B.G. 1.5.

(2) B.G. 6.9.

(3) B.G. 1.54.

(4) B.G. 6.9.

(5) B.G. 6.10.

(6) B.G. 6.36. en verder.

Die grense en die gebied van die Tencteri, Usipetes en die Cherusci kan gladnie vasgestel word nie, selfs nie eers naasteby nie.

G.

ALGEMEEN.

Die posisie wat die bewoning van die verskillende streke betref, was ook nie altyd stabiel nie. Daar is reeds melding gemaak van die verskuiwing van die Volcae Tectosages, maar verskeie ander nasies het ook rondgetrek.

"L'invasion des Cimbres, des Teutons, des Ambrons, fut véritablement une migration de peuples, une Völkerwanderung, comme disent les Allemands". (1) Pounds voeg 'n verdere rede by vir hierdie verskuiwing van die Germane: "Pressure of population was a strong motive for their invasion of the Empire." (2)

F. Lot noem 'n verdere geval: "Un autre peuple, les Sequanes que César trouve établi entre la Saône et le Jura, offrirait l'exemple d'un déplacement de population." (3)

Die ligging van Admagetobriga, (4) waar die Galliërs deur Ariovistus verslaan is, kan nie noukeuriger bepaal word nie as dat dit nie te ver van die Ryn af kon gewees het nie.

Daar is melding gemaak van drie dorpe met die naam van Noviodunum: (5) een elk in die gebied van die Haedui, die Bituriges en die Suessiones. Daar kan geen twyfel bestaan oor die feit dat Caesar wel drie verskillende dorpe bedoel nie, maar 'n mens moet noodwendig wonder of hierdie unieke verskynsel nie miskien aan een of ander glips van Caesar se kant toe te skryf is nie.

(1) F. Lot, op. cit. p. 36.

(2) N.J.G. Pounds, op. cit, p. 66.

(3) Op. cit. p. 33.

(4) B.G. 1.31.12.

(5) a. Noviodunum, Suessionum: B.G. 2.12.1.
b. Noviodunum, Biturigum: B.G. 7.12.2.
c. Noviodunum, Haedui: B.G. 5.55.1

H. 'n ALFABETIESE LYS VAN NASIES MET 'n PAAR
VAN DIE ALTERNATIEWE SPELLINGS WAT DIKWELS VOORKOM.

- (1) Allobroges.
- (2) Ambarri.
- (3) Ambiani.
- (4) Ambibarri, Ambibari
- (5) Ambiliati, Ambiliates.
- (6) Ambivariti.
- (7) Andes
- (8) Arverni, Avernoi.
- (9) Atrebates.
- (10) Atuatuca, Aduatuca.
- (11) Aulerici Brannovices, - Cenomani, - Eburovices .
- (12) Ausci.
- (13) Batavi.
- (14) Bellovaci.
- (15) Bigerriones.
- (16) Bituriges.
- (17) Boi, Boii.
- (18) Cadurci.
- (19) Caeroci, Caeroci.
- (20) Caletae, Caleti, Caletae, Caleti.
- (21) Carnutes.
- (22) Caturiges.
- (23) Ceutrones, Centrones.
- (24) Cherusci.
- (25) Cimbri.
- (26) Cocosates.
- (27) Condrusi.
- (28) Coriosolites, Coriosolitae, Curiosolites.
- (29) Diablintes.
- (30) Eburones.
- (31) Eleutheri, Eleutheri.


- (32) Elusates, Elurates.
- (33) Esuvii, Esubii, Essui.
- (34) Gabali.
- (35) Garunni, Garumni.
- (36) Gates, Garites.
- (37) Geidumni, Geiduni.
- (38) Graioceli.
- (39) Grudii.
- (40) Haedui, Aedui.
- (41) Helvii.
- (42) Helvitii.
- (43) Latobrigi, Latobriges.
- (44) Lemovices, Lemovici.
- (45) Lepontii.
- (46) Leuci.
- (47) Levaci.
- (48) Lexovii.
- (49) Lingones.
- (50) Mandubii
- (51) Mediomatrici
- (52) Meldi
- (53) Menapii
- (54) Morini
- (55) Namnetes, Nannetes
- (56) Nantuates
- (57) Nemetes
- (58) Nervii
- (59) Nitioibriges
- (60) Osismi
- (61) Paemani, Caemani
- (62) Parisii
- (63) Petrocorii
- (64) Pictones
- (65) Pleumoxii

- (66) Ptianii, Preciani.
- (67) Rauraci.
- (68) Redones
- (69) Remi
- (70) Ruteni
- (71) Santoni, Santones
- (72) Seduni
- (73) Segni
- (74) Segusiavi, Segusiani.
- (75) Senones
- (76) Sequani
- (77) Sibusates, Sibuzates
- (78) Sotiates, Sontiates
- (79) Suebi
- (80) SueSSIONES
- (81) Sugambri
- (82) Tarbelli
- (83) Tarusates
- (84) Tencteri
- (85) Teutoni, Teutones
- (86) Tigurini
- (87) Tolosates
- (88) Treveri, Treviri
- (89) Triboci, Tribuci
- (90) Tulungi
- (91) Turoni, Turones
- (92) Ubi
- (93) Usipetes
- (94) Vellavii, Vellauni.
- (95) Vellocasses, Vellocassi, Bellocassi
- (96) Venelli, Unelli
- (97) Veneti
- (98) Veragri
- (99) Viromandui.

- (100) Vocates, Vocasates
- (101) Vocontii
- (102) Volcae Tectosages, - Arecomici.

I. 'n ALFABETIESE LYS VAN DORPE EN STEDE.
=====

- (1) Admagetobriga
- (2) Agedincum (Sens).
- (3) Alesia (Alise - Sainte - Reine).
- (4) Atuatuca.
- (5) Avaricum (Bourges).
- (6) Bibracte (Autun).
- (7) Bibrax
- (8) Bratuspantium
- (9) Carcaso
- (10) Cavillonum, Cabillonum.
- (11) Cenabum, Genabum (Orleans).
- (12) Decetia (Decize)
- (13) Durocortorum.
- (14) Genéva.
- (15) Gergovia.
- (16) Gorgobina.
- (17) Lutecia, Lutetia (Parys).
- (18) Matisco.
- (19) Mec@losedum, Metiosedum.
- (20) Narbo (Narbonne).
- (21) Noviodunum (3 van hulle).
- (22) Octodurus.
- (23) Samarobriva (Amiens).
- (24) Tolosa.
- (25) Vesontio (Besançon).
- (26) Vienna.



AFDELING III.

DIE ETNOLOGIE VAN WES-EUROPA.

A. INLEIDING.

Caesar stel dit baie duidelik dat Gallië verdeel is in drie bevolkingsgroepe en dat die Galli verskil van die Belgae en Aquitani ten opsigte van taal, instellings en wette.⁽¹⁾ As hy egter daartoe oorgaan om 'n uiteensetting te gee van die sedes en gewoontes en die onderlinge verskille van hierdie nasies, maak Caesar slegs melding van die twee kardinale bevolkingsgroepe van Wes-Europa, naamlik die Galliërs aan die een kant en die Germane aan die ander. Daar is reeds aangetoon dat baie Germaanse stamme onder die getal van die Belgae getel het. In sy etnologiese sketse maak Caesar geen onderskeid tussen hierdie seksie van die Germane en hulle makkers van oorkant die Ryn nie. Desgelyks word daar vir hierdie doel, die etnologiese skets, ook nie onderskeid gemaak tussen die Aquitani, die Galli en die nie-Germaanse Belgae nie.

Die oorsig oor die gewoontes van die Galliërs en die Germane is slegs in breë, algemene trekke. Daar moet ook ruimte gelaat word vir onderlinge verskille ten opsigte van instellings en gewoontes, wat na alle waarskynlikheid baie gewissel het van stam tot stam. Alle Galliese stamme het, byvoorbeeld, nie dieselfde instellings gehad nie.

B. DIE INSTELLINGE, SEDES EN GEWOONTES VAN DIE GALLIËRS.

(a) Politiese en Publieke Organisasie.

In Gallië was daar politieke partye in elke staat, elke distrik, elke dorpie en feitlik selfs in elke huis.

Die persone met die meeste invloed was die leiers van hierdie politieke partye en alle besluite het by hulle oordeel berus.

(1) B.G. 1.1. Gallia est omnis divisa in partes tres
Hi omnes lingua, institutis, legibus inter
se differunt.

Die vernaamste taak van hierdie leiers was om die swakkerste beskerm teen veronregting van magtiger persone. 'n Leier wat hierdie plig sou versuim, sou nooit 'n leier ge-wees het nie.

Nieteenstaande hierdie fyn-georganiseerde politieke stelsel, bly die staatsvorm wat in Gallië inswang was, 'n duistere geheim. Daar word gedurig melding gemaak van "oppergesag en heerskappy", maar die presiese aard daarvan word feitlik klokslag verswyg.

Commius, byvoorbeeld, is deur Caesar as koning aangestel oor die Atrebates.⁽¹⁾ Dit mag wees dat die Atrebates altyd deur 'n koning geregeer was, maar dit is net so moontlik dat Caesar se aanstelling van Commius as koning 'n nuwe instelling was.

By die Nervii is daar sprake van 'n senaat van seshonderd,⁽²⁾ maar dit is ook 'n geval van 'n verwysing sonder enige verder informasie. Dit is nie duidelik of die Nervii deur die senaat regeer is nie.

Ook by die Veneti was daar 'n senaat, maar weereens is al inligting oor hierdie senaat die feit dat dit geheel-en-al deur Caesar tereggestel is.⁽³⁾

By die Haedui het die oppergesag in die staat berus by 'n "vergobretus". Dit was 'n amptenaar wat jaarliks gekies was en wat die reg van lewe en dood oor sy onderdane gehad het.⁽⁴⁾ Liscus, onder andere, was so 'n vergobretus.

By 'n ander geleentheid, weer, kom die Haedui Caesar se hulp vra omdat hulle nou opgesaal sit met twee konings in plaas van een.

(1) B.G. 4.21.----Commium quem ipse Atrebatibus superatis regem ibi constituerat.

(2) B.G. 2.28.

(3) B.G. 3.16.

(4) B.G. 1.16.2. ...quem Vergobretum appellant Haedui, qui creatur annuus et vitae necisque in suos habet potestatem.

Die een was Convictolitavis, 'n magtige jongman van adellike afkoms, en die ander een was Cotus, uit 'n ou familie, 'n man van groot invloed. Cotus se broer, Valatiacus, het die vorige jaar dié pos bekleed.

Betekén dit dat 'n koning onder die Haedui maar dieselfde was as 'n vergobretus? Blykbaar, maar nie noodwendig nie. Om die saak nog verder in duisternis te hul, word aan die grootste leier van die Haedui, dit is aan Diviciacus, geen titel gegee nie.

Hoe dit ook-al sy, die Haedui het 'n paar onwrikbare reëls in verband met hulle leierskap gehad:

(a) Die persoon met die oppergesag was nie toegelaat om die staat gedurende sy ampstermyn te verlaat nie. (b) Twee persone uit dieselfde familie kon nie dieselfde amp beklee nie, met ander woorde, as 'n persoon 'n sekere pos beklee het, was daardie pos vir sy familie in die toekoms 'n geslote deur. (c) Die keuse van die leiers het by die priesters berus.⁽¹⁾

Die instelling van die soldurii onder die Sotiates het absoluut niks met die regeeringsvorm te doen nie. Dit was bloot 'n organisasie, eerbaar of te nie, wat geskoei was op 'n lees wat baie herinner aan moderne organisasies soos die "Sons of England" en nog verskeie andere. Caesar gee 'n redelike opsomming van hulle reëls en reglement: "--- cum DC devotis, quos illi soldurios appellant, quorum haec est condicio, ut omnibus in vita commodis una cum iis fruuntur quorum se amicitiae dediderint, si quid his per vim accidat, aut eundem casum una ferant aut sibi mortem conciscant."⁽²⁾

Dit kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie belangrike aspek, die kwessie van staatsvorm, Caesar se aandag ontgaan het. Uit die sterk politieke wedywering is dit baie duidelik dat Caesar beslis nie aan die onderwerp volle reg laat geskied nie.

(1) B.G. 7.33.

(2) B.G. 3.22.

Toe Caesar in Gallië gekom het, het hy daar twee politieke partye aangetref. Die Haedui was die leiers van die een party en die Sequani dié van die ander. Van die twee groepe was die Haedui altyd die sterkste en hulle aanhang was ook altyd die grootste. Die Sequani het egter daarin geslaag om help van die Germane te verkry in hulle politieke stryd. Daar is oorlog gevoer, die adel van die Haedui is vermoor en hulle aanhang is weggerokkel. Om verder die seël op hulle politieke oorwinning te plaas, het die Sequani gyselaars geëis en die Haedui 'n eed laat sweer dat hulle nie sou murmureer of hulle lot by iemand sou gaan bekla nie.

Dit was dan ook die stand van sake soos Caesar dit by sy aankoms in Gallië gevind het.

Omdat Caesar soveel waarde geheg het aan die staat Haedua, het hy gou begin om weer aan die Haedui hulle posisie en prestige van ouds terug te gee. Op een of ander manier het hy daarin geslaag om die ou aanhang van die Haedui te herstel en om nog nuwes te werf. Terselfdertyd het Caesar beseef dat daar mense was wat nie met die Haedui versoen kon word nie. Hierdie mense het hy gewerf as aanhang vir die Remi, wat in waardigheid by hom seker gelyk gestaan het aan die Haedui.⁽¹⁾

Hierdie inmenging van Caesar in die politieke toestand het tot gevolg gehad dat die Haedui weer op die voorgrond getree het as die nasie met die meeste invloed, dat die Remi die tweede posisie van waardigheid bekleed het, en dat die Sequani se leierskap feitlik tot niet gegaan het.

Die samestelling van die regering van elke staat, of van 'n groep state gesamentlik, bly dus 'n geheim wat Caesar onopgelos laat. Sy verdere inligting oor die administrasie en publieke organisasie van die land self is ook beperk tot so 'n geringe minimum dat dit nie juis enige lig op die probleem werp nie.

(1) B.G. 6.12.

Een interessante bepaling van owerheidsweë, wat egter nie op alle state van toepassing was nie, word genoem: 'n wet op gerugte. (1)

Sommige state het dit deur die wet so bepaal dat gerugte wat die staat raak, hoegenaamd nie versprei mag word nie. As 'n persoon dan so iets verneem, moes hy dit onmiddellik aan een of ander amptenaar gaan rapporteer. Die amptenaar ondersoek dan die saak en hou geheim wat geheim gehou moet word en stel slegs sodanige inligting vry as wat hy goed dink. Die rede wat vir hierdie instelling aangevoer word, is dat paniek daardeur voorkom word, veral aangesien valse gerugte so dikwels aanleiding gee tot onoordeelkundige optrede van die gewone volk. Kortom, die hele doel van hierdie wet is om te voorkom dat publieke aangeleenthede op enige ander plek bespreek word as in 'n vergadering.

Op militêre gebied was 'n „gewapende vergadering" ook 'n instelling wat blykbaar nie bindend was op alle nasies nie, maar slegs waarskynlik op die ledestate van een of ander bondgenootskap. As 'n gewapende vergadering belê word, beteken dit volgens die Galliese gewoonte die begin van 'n oorlog. Dan is daar haastig by 'n bepaalde plek bymekaargekom en die een wat laaste daar aangekom het, het bitter berou gehad dat hy so stadig was! (2)

(b) DIE TWEE VOLKSKLASSE.

In Gallië is persone wat enigsins van aansien was, verdeel in twee groepe, die ordes van die Druïde en van die Ridders.

Die proletariaat was nie eers getel as 'n groep nie, want hulle was beskou soos slawe wat geen seggenskap in enige opsig gehad het nie.

(1) B.G. 6.20

(2) B.G. 5.56. --- qui ex eis novissimus venit, in conspectu multitudinis omnibus cruciatibus adfectus necatur.

Die posisie van die proletariaat kan egter nog skerper omlyn word: die plebs was slawe. As een van hulle deur sy skulde en laste geknel is, het hy homself eenvoudig in slawerny oorgegee aan 'n magtiger persoon wat dan oor hierdie „vrywillige slaaf” presies dieselfde regte gehad het as oor 'n gewone slaaf.⁽ⁱ⁾

Die Ridderorde was die persone wat gewoonlik gewikkel was in oorlog, iets wat voor Caesar se aankoms in Gallië gereëld elke jaar voorgeval het. Die ridders het ook elk sy eie aanhangers gehad en die omvang van die aanhang was in direkte eweredigheid tot die ridder se adellike van afkoms en die omvang van sy besittings.⁽¹⁾

(c) Die Druïde-orde.*

Die Druïdisme was baie meer as 'n blote godsdienst, maar in die eerste plek was 'n Druïd 'n priester wat voorgegaan het in die godsdienstige plegtighede, wat die offerandes, publiek sowel as privaat, waargeneem het en wat leiding gegee het in verband met godsdienstige vraagstukke.

Die Galliërs het baie semi-godsdienstige bygelofies gehad.⁽ⁱⁱ⁾ So byvoorbeeld, het persone wat ernstig siek was, of wat in gevare verkeer het, menslike lewens aan hulle gode geoffer. Hulle het geglo dat die gode 'n groot behoeftes daarin skep as rowers, dieve en misdadigers aan hulle geoffer word, maar 'n tekkert aan „offerdiere” van hierdie kategorie was nie vir hulle 'n probleem nie: hulle het niks daarvan gedink om die voorraad met onskuldige persone aan te vul nie.

Die altaar was meestal in die vorm van 'n groot beeld. Die „offerdiere” is dan in die buik van die beeld gestop en dan is daar vuurgemaak - 'n seremonie wat natuurlik deur een of meer van die Druïde waargeneem is.⁽²⁾

(i) B.G. 6.13.2.

(1) B.G. 6.15.

(2) B.G. 6.16.

(ii) B.G. 6.16.1.

In die tweede plek was die Druïd 'n regter wat belas was met die ondersoek na misdad en moord. Alle geskille, publiek en privaat, soos byvoorbeeld geskille oor grense, erfporsies en dergelike meer, is deur hulle besleg en boetes en straf is deur hulle bepaal.

As dit gebeur het dat iemand hom nie wou onderwerp aan die beslissing van 'n Druïd nie, is hy die offerplegtighede verbied - 'n verskriklike straf in die oë van die Galliër met sy diepe godsdienstige erns. Bowendien is so 'n persoon beskou as goddeloos en krimineel. Hy is deur almal vermy, verafsku en verstoot.

Derdens was die Druïde as 't ware professore en teoloë, mense wat geëerd was om hulle wysheid. Baie jongmanne het by hulle saangedrom terwille van hulle onderrig.

'n Kursus aan die voet van die Druïde het gewoonlik die volgende ingesluit: (i) 'n Groot aantal verse moes uit die kop geleer word. Die afneem van notas was verbode om twee groot redes: in vertroue op die geskrewe woord is kandidate geneig om nie die moontlikhede van 'n fris geheue na behore te eksploiteer nie, en in die tweede plek kon die geskrewe woord moontlik kennis in die hande van die plebs laat beland, iets wat die Druïde ten alle koste wou verhoed. (ii) 'n Studie van die sterrekunde, aardrykskunde en fisika, en (iii) 'n bietjie godsdienstige filosofie. Hier is die onsterflikheid van die siel verkondig op dieselfde wyse as in die reïnkarnasie - leer, naamlik dat die siel nie sterf nie, maar dat dit na die dood oorgaan van een persoon na 'n ander. Deur hierdie geloof het hulle gereken dat die mens die vrees vir die dood sou verloor en gevolglik tot groter hoogtes van dapperheid en deugdelikheid in staat sou wees. (1)

(1) B.G. 6.14.

Aan die hoof van al die Druïde was daar een voorsitter, die persoon met die meeste outoriteit. As so 'n voorsitter te sterwe kom, word hy deur die invloedrykste Druïd onder die res opgevolg. Soms kwalifiseer meer as een persoon vir die voorsitterskap en dan word daar 'n voorsitter gekies deur middel van stemming van die Druïde. Daar is ook gevalle bekend waar die saak met die swaard uitgespook is.

In die gebied van die Carnutes was daar 'n geheiligde plek waar die Druïde op 'n vasgestelde tyd van die jaar vergader het. By hierdie geloentheid het hulle veral hulle regterlike mag beoefen.

Die voorregte wat 'n Druïd in die staat geniet het, het neergekom op vrystelling van militêre diens, vrystelling van alle belastings en vrystelling van alle burgerlike pligte. Dit verklaar volkome waarom so baie jongmanne hulle self wou bekwaam as Druïde en in sommige gevalle so lank as twintig jaar in dié onderrig gebly het.

Caesar vertel dat die Druïdisme sy oorsprong in Brittanje gehad het. Daarom het persone wat meer oor hierdie aanleentheid wou weet, na Brittanje gegaan om die saak daar verder te bestudeer.⁽¹⁾

(d) Die Galliese Gode.*

(Dit kan natuurlik nie wees dat die Galliëse gode Romeinse name sou gehad het nie. Die kwessie is dat Caesar die Galliese gode genoem het by die name van hulle Romeinse ekwivalente).

Die feit dat die Galliers Mercurius die meeste van al die gode aanbid het en dat sy beelde die meeste was, moet daarop dui dat hulle hom beskou het as die vernaamste god, alhoewel Jupiter vereer is as die oppergod wat soowereine mag onder die hemelinge gehad het.⁽²⁾

(1) B.G. 6.13.

(2) B.G. 6.17.

Mercurius is deur hulle beskou as die uitvinder van alle kunste en as hulle gids op reis. Daar is ook geglo dat hy groot invloed gehad het in handelstransaksies.

Apollo, Mars, Jupiter en Minerva was saam tweede op die ranglys. Van Apollo is daar geglo dat hy siektes afweer; Jupiter het heerskappy gevoer oor die hemelinge; Mars was die oorlogsgod en Minerva die godin van wysheid.

Oorlogsbuit is altyd aan Mars geoffer. Soms het daar gboot hope van hierdie buit op gewyde plekke gelê sonder dat iemand dit ooit sou waag om dit aan te raak. As iemand dit sou waag om van hierdie oorlogsbuit wat aan Mars geoffer was, weg te dra, was sy straf verskriklik.⁽¹⁾

(e) Huweliks - en Begrafnisgewontes.

As 'n man in die huwelik tree, word sy vrou se besittings gewaardeer. Dit is dan die plig van die man om 'n gelyke bedrag by die bruijskat van sy vrou te voeg en die gesamentlike bedrag teen rente te belê. Van hierdie gelde word daar noukeurig boekgehou totdat een van die twee te sterwe kom en die ander een alles erf.

Na die huwelik het die man die mag van lewe en dood gehad oor sy vrou en sy kinders. As 'n vader van 'n familie sterf, kom sy naasbestaandes bymekaar en, as daar enige suspisie oor die oorsaak van die dood bestaan, word daar 'n geregtelike ondersoek gehou op 'n wyse wat blykbaar nie te vriendelik was nie.⁽²⁾ As die suspisie bevestig word, word die vrou gepynig tot sy dood is.

Die plek van kinders in die publiek was ietwat anders as vandag. Dit was beskou as 'n groot skande as 'n seun in die publiek in die geselskap van sy pa verskyn. Dit was 'n voorreg wat eers met die jare gekom het wanneer hy in staat was om militêre diens te verrig, met ander woorde wanneer hy ook eers 'n man was.⁽³⁾

(1) ~~B.G. 6.16.~~ B.G. 6.16.

(2) B.G. 6.19. "de uxoris in servilem modum quaestionem habent".

(3) B.G. 6.18.

Galliese begrafnisse was iets groots en duurs. Alle besittings, dood sowel as lewendig, van die oorledene is verbrand as daar gereken is dat dit hom na aan die hart gelê het toe hy nog geleef het. Voor Caesar se jare in Gallië het dit selfs gebeur dat slawe en afhanklikes wat deur die oorledene bemind was, op die begrafnis verbrand is.

(f) Geloof i.v.m. hulle Oorsprong.

Die Galliërs beweer dat dit deur die Druïde oorgelewer word dat hulle almal afstam van die god Pluto. Omdat Pluto die god van die onderwêreld is, reken die Galliërs dus nie in terme van dae nie, maar in terme van nagte. Waar ander nasies praat van 'n geboortedag, sou hulle byvoorbeeld praat van 'n geboortenag.

(g) Karakter van die Galliërs.

Die Galliërs was van nature 'n baie wispelturige nasie.⁽¹⁾ Daar kan baie voorbeelde aangehaal word om hierdie bewering te staaf. Die Aulerci en Lexovii, byvoorbeeld, gaan heen en vermoor hulle senaat omdat dié weier om die oorlog teen Caesar te begin. 'n Tweede voorbeeld is dié van Ambiorix en Catuvolcus wat die een oomblik vir Sabinus en Cotta van graan voorsien en die volgende oomblik die winterkamp aanval.⁽²⁾ Dit is om redes soos hierdie dat Caesar die opmerking maak dat 'n mens nooit weet wat die volgende stap van die Galliërs gaan wees nie, want hulle planne is altyd skielik en haastig.⁽³⁾

Oor die algemeen was hulle lief vir 'n rewolusie - miskien omdat hulle so lief was vir hulle vryheid en slawerny so gehaat het. 'n Groep Galliërs is maklik en gou opgestook tot 'n oorlog.⁽⁴⁾

(1) B.G. 4.16.

(2) B.G. 5.26.

(3) B.G. 3.8.---Sunt Gallorum subita et repentina consilia.

(4) B.G. 3.10.

Hulle liefde om te veg, tesame met hulle hoop om te plunder, het hulle altyd van hulle huise af weggelok. Hulle was lief om die wapens gou op te neem, maar aan die ander kant het hulle net so gou geskrik ook.⁽¹⁾

Die vindingrykheid van die Galliërs was vir Caesar baie opvallend. Hy merk veral op dat hulle baie bedrewe is om na te aap en implemente na te maak.⁽²⁾ -

(h) Bykomstige Interessanthede.

'n Onderlinge verbinternis.

Wanneer 'n paar Galliese stamme besluit het om saam 'n taak aan te pak, is die militêre vaandels van die onderskeie groepe saamgebring: nou was hulle volgens hulle gewoonte onderling gebind en nie een kon kop uittrek nie.⁽³⁾
Uitsaaistelsel.

Onder die Galliërs was daar 'n georganiseerde telefoonstelsel - of liewer 'n uitsaaistelsel - in werking. Belangrike nuus is van plek tot plek oorgestuurd deur dit te skree.⁽⁴⁾ Die spoed waarteen die nuus getrek het, was byna fenomenaal, in klassieke terme natuurlik! Berigte wat teen son-op in Cenabum uitgesend is, is byvoorbeeld voor die einde van die eerste nagwaak in die gebied van die Arverni, ^{ongeveer} ~~meer as~~ 160 myl daarvandaan, gehoor.

(1) B.G. 3.19.----ut ad bella suscipienda Gallorum alacer ac promptus est animus, sic mollis ac minime resistens ad calamitates ferendas mens eorum est.

(2) B.G. 7.22.----est summae genus sollertiae atque ad omnia imitanda et efficienda quae a quoque traduntur aptissimum.

(3) B.G. 7.2.

(4) B.G. 7.3.

Onskendbaarheid van gesante.

Gesante was altyd beskou as heilig en onskendbaar. Die Veneti het hierdie reël verontagsaam en om hulle 'n behoorlike les te leer, het Caesar hulle hele senaat tereggestel en die res van hulle as slawe verkoop.⁽¹⁾

'n Galliese Muur.

'n Galliese muur was nie alleen 'n meesterlike militêre konstruksie nie, maar ook iets moois vir die oog. Pale van 'n vereiste hoogte is twee voet van mekaar af in die grond ingeplant en dié is weer deur middel van dwarsbalke van veertig voet lank, ook twee voet van mekaar, aan mekaar geheg. Hierdie houtraamwerk is dan gevul met groot klippe en klei en grond. Nou kon die muur nie brand nie en dit was uiters moeilik om af te breek.⁽²⁾

Keuse van 'n Woonbuurt.

„Die Galliërs bou gewoonlik hulle huise in die naburigheid van bosse en riviere om die hitte te ontwyk.”⁽³⁾ Die rede wat Caesar hier aanvoer, is baie onwaarskynlik, indien nie belaglik nie. Daar kan verder aangeneem word dat die Galliërs lief was vir die nabyheid van riviere en bosse bloot omdat die primêre benodighede vir die daaglikse lewe daar makliker bekombaar was.

'n Fluimpie vir die Belgae.

Wat dapperheid betref, was daar geen ander groep van Gallië wat vir die Belgae kon kers vashou nie. Die stryd om selfbehoud het hulle dapper gemaak, want hulle was die verste weg van die Romeinse beskawing en het gedurig in oorlog verkeer met hulle bure van oorkant die Ryn.⁽⁴⁾

(1) B.G. 3.16.

(2) B.G. 7.23.

(3) B.G. 6.30.

(4) B.G. 1.1.

Die Nervii word uitgesonder as die woeste van al die Belgae.

Verbod op invoer.

Geen handelaars het toegang gehad tot die Nervii nie en die invoer van wyn en artikels wat weelde in die hand werk, was verbode. Daar is geglo dat hierdie dinge die gemoedere verslap en dat hulle moed as gevolg daarvan verlore gaan. Die Nervii was woeste mense en baie dapper en hulle was vasbeslote om hierdie reputasie van hulle voorvaders nie in oneer te bring nie. (1)

'n Verdedigingswerk van die Nervii.

'n Verdedigingswerk van die Nervii het anders gelyk as 'n Galliese muur, alhoewel die idee nie veel verskil het nie. Hulle het jong boomstamme half-afgekap, omgebui en dan weer die takke toegelaat om vertikaal op te groei. Hierdie natuurlike raamwerk is dan deurvleg met doringstruik en braambosse. (2)

Verhoor van 'n misdadiger.

In geval van 'n ernstige misdaad is 'n beskuldigde onder die Helvitië in kettings verhoor. As so 'n persoon skuldig bevind is, is hy verbrand. (3)

Voedsel van die eilandbewoners.

Ten opsigte van die Galliërs word daar slegs by een geleentheid melding gemaak van lewensmiddele: die woeste barbare wat die eilandjies in die Ryndelta bewoon het, het geleef op vis en voëleiers. (4)

:
(1) B.G. 2.15.

(2) B.G. 2.17.

(3) B.G. 1.4.

(4) B.G. 4.10.5.

G. DIE GERMANE.

(a) Politieke en Publieke Organisasie.

Elke seksie van die Germane het sy eie leier of amptenaar gehad. Van 'n gemeenskaplike amptenaar was daar in vredestryd geen sprake nie. Die leier van elke provinsie het persoonlik toegesien dat reg en geregtigheid in sy ryk geskied.

Wanneer 'n oorlog, hetsy offensief hetsy defensief, gevoer is, is daar 'n gemeenskaplike generaal gekies en dié het dan die reg van lewe en dood oor sy onderdane gehad.

Geen Germaan is toegelaat om 'n permanente stuk grond te besit nie. Privaat grense het nie bestaan nie. Alle grond was staatseiendom en dié is elke jaar deur die amptenare en leiers op 'n groeps- of familiebasis uitgedeel in hoeveelhede wat gewissel het na hulle eie oordeel. Dit was verpligtend om jaarliks te verskuif.

Verskeie redes word vir hierdie reëling aangevoer: (i) Van owerheidsweë word daar gevrees dat die burgers sal lief word vir landbou en dan onwillig sal word om oorlog te voer. (ii) Die stelsel sou verhoed dat sommige persone groot stukke grond besit ten koste van ander. (iii) Indien hulle toegelaat word om te bly, sal hulle permanente huise bou om hulle te beskerm teen hitte en koue. 'n Goeie Germaan moes gehard woen. (iv) Die stelsel sou die ontstaan van politieke partye en geskille verhoed. (v) Absolute gelykheid van almal word deur hierdie feitlik kommunistiese stelsel gewaarborg.⁽¹⁾

Die state het dit as 'n groot eor beskou as groot lappe aarde rondom hulle onbewoon was of onbewoonbaar gemaak is. In die eerste plek was dit 'n teken van hulle mag en terselfdertyd was dit 'n uitstekende veiligheidsmaatreël wat die moontlikheid van onverwagte aanvalle feitlik uitgeskakel het.

(1) B.G. 6.22.

Aan die een kant van die Suebi was daar 'n onbewoonde gebied van honderd myl. (1)

(b) Godsdiens en Gode.

In teenstelling met die Galliër was die Germaan nie baie begaan oor godsdiens met al sy sentimentele rites nie. Druide het hy nie gehad nie en van offerandes wou hy niks weet nie.

Die Germaan het slegs die natuurlike magte, die son, die maan en vuur, waardeur hy op 'n tasbare wyse gehelp is, as gode erken. Van ander gode het hulle niks geweet nie.

(c) Lewensmiddele en Leefwyse.

Afgesien van die feit dat die Germaan van owerheidsweë feitlik ontmoedig is om te leef uit die opbrengs van die grond, was hy van nature nie in die wîeg gelê om 'n boer te wees nie. Aan landbou is uiters min, indien enige, (2) aandag gegee. Die Germaan het geleef uit die opbrengste van sy jagtogte en sy krygsdiens. Sy normale diëet het bestaan uit melk, kaas en vleis. (3) 'n Gedurige moontlikheid van voedseltekort was 'n groot beperkende faktor in Caesar se Germaanse veldtogte.

Van kindsbeen af stel die Germaanse hulleself bloot aan uitputting en vermoeienis. Selfs gedurende die koudste tyd van die jaar het hulle slegs in 'n velletjie gekleed gegaan en absoluut niks daarvan gedink om in die ysige waters te swem nie. (4)

Hulle heg soveel waarde aan liggaamlike voortreflikheid dat hulle selfs glo dat dit die moeite werd is om lank ongetroud te bly, want dit hou die mens fisies sowel as geestelik.

(1) B.G. 4.3.2. Die Oxford-tekst van Rematus de Pontet gee die onbewoonde gebied aan as „± 600 myl.”

(2) B.G. 4.1. Die Tencteri en Usipetes moes in 'n mate belanggestel het: „ab Suebis --- agri cultura prohibebantur.”

(3) B.G. 6.22.

(4) B.G. 4.1.

Om na 'n vrou te kyk voor jou twintigste jaar was beskou as 'n skande: dit alles terwille van die liggaam. En om die versoeking nog groter te maak, het hulle gemengde baaiery in die riviere toegelaat. Die kostuums? Niks meer as 'n klein stukkie materiaal of vel nie - 'n halwe bikini!⁽¹⁾

Rowery buite die grense van elke staat was net die oefening wat die jeug nodig gehad het. Dit was nie beskou as 'n skande nie. In teendeel, dit het ledigheid onder die jong klomp verhoed.

Die gasvryheid van die Germaan het ook onder Caesar se aandag gekom. In Germanië het die huise altyd oopgestaan vir 'n gas of 'n vreemdeling, wat verseker kon wees dat hy beskerming sou geniet en gevoed sou word. Om 'n gas te veronreg, was beskou as 'n sonde.⁽²⁾

Tacitus⁽³⁾ maak ook melding van hierdie besondere gasvryheid van die Germaan: 'n vriend en 'n vreemdeling word ontvang met dieselfde gasvryheid. As 'n gasheer se middele oppraak en dus sy gasvryheid begin aan bande lê, gaan gasheer en gas saam uit en gaan soek daardie middele elders.

(d) Van Alles en nog wat.

Meet van lang listansies.

Caesar vind dat die Germane nog afstande meet in terme van dagreise. Die Hercyniese bos, byvoorbeeld, was nege dagreise breed.⁽⁴⁾

(1) B.G. 6.21.

(2) B.G. 6.23.

(3) Germania, hoofstuk xxi.

(4) B.G. 6.25.

'n Bygeloof.

Die Germane het 'n bygeloof om nie 'n geveg te begin voor die nuwe maan nie.⁽¹⁾

Sterkte van die Suebi.

Die Suebi, die grootste en oorlogsugtigste nasie van al die Germane, het honderd kantonne gehad en elke kanton moes elke jaar eenduisend in die leër lewer. Dit sou dan 'n gekombineerde leër van honderdduisend beteken en terselfdertyd was daar genoeg persone by die huis om te sien dat dinge daar nie verwaarloos nie.

Beheerde handel.

Handelaars is in Germanië toegelaat, nie soseer vir invoer nie as vir die uitvoer van buit. Wyn is in elk geval nie ingevoer nie omdat dit 'n mens se uithouvermoë verminder en die gees „vervroulik”.⁽²⁾

Die inheemse trekdier.

Die Germane het nie sterk trekdiere besit soos die Galliërs nie. Hulle het gebruik gemaak van 'n inheemse dier wat deur Caesar beskryf word as inferieur en wangeskape. Deur daaglikse oefening was die diere egter in staat tot harde werk.⁽³⁾

Ruitergevegte.

In ruitergevegte was die Germane baie lief om van hulle perde af te spring en te voet te veg. Die perde was geleer om doodstil te bly staan waar die baas afgeklim het. Die gebruik van saal en toom was natuurlik benede die Germaan se waardigheid.⁽⁴⁾

(1) B.G. 1.50.5.

(2) B.G. 4.2. Vinum omnino ad se importari non patiuntur, quod ea re ad laborem ferendum remollescere homines atque effeminari arbitrantur.

(3) Ibid.

(4) B.G. 4.2. --- neque eorum moribus turpius quicquam aut inertius habetur quam ephippiis uti.

Deur 'n Galliëse bril.

Diviciacus dink nie veel van die Germane nie: hulle is woeste en barbaarse mense wie se land en beskawing nie met dié van die Galliërs vergelyk kan word nie.⁽¹⁾

D. DIE KRYGSTUIG VAN DIE WES-EUROPEËR.

Caesar se inligting oor hierdie onderwerp is uiters skraps en in alle verwysings na gevalle waar sekere wapens gebruik word, is die insident self van soveel belang dat daar niks oor die wapen uitgebrei word nie.

Die mees algemene wapen onder alle nasies was blykbaar die werpspies, wat genoem is by 'n verskeidenheid van name: telum, pilum, tragula en veru. Die Veragri en Seduni in die Alpe het 'n „gaesum" gebruik.⁽²⁾

Dit is duidelik dat al vyf bogenoemde benamings dui op werpspiese, maar dit kan nie noodwendig aangeneem word dat daar nie onderlinge verskille tussen die verskillende tipes was nie. Daar kan selfs nie uit Caesar afgelei word wat die verskil was tussen 'n spies (hasta) en 'n werpspies nie.

Tweede op die ranglys van wapens van die Galliërs sowel as die Germane, was beslis die pyl en die slingervel.

Die skild het 'n essensiële item van 'n soldaat se wapenrusting gevorm. By ontstentenis van iets beters word daar byvoorbeeld skilde gemaak van bas of gevleg van fyn takkies. As so 'n skild dan met 'n vel oorgetrek was, was dit in elk geval baie beter as niks.⁽³⁾

Behalwe hierdie konvensionele wapens was daar verskeie groter krygsmasjiene wat veral gebruik is by die bestorming van 'n muur. Die vyand wat bo-op die muur in stelling was, is eers verdryf deur middel van 'n aanval met die „machinatio", 'n primitiewe kanon wat gewerk het op dieselfde beginsel as 'n seun se rekker vandag.

(1) B.G. 1.31.

(2) B.G. 3.4.

(3) B.G. 2.33.

As die muur dan ontbloom is van verdedigers, word daar haastig krygstorings van 'n paar verdiepings hoog en wat op wiede gemonteer moes gewees het, nader aan die muur beweeg. Op elke verdieping van die torings was daar soldate wat nou hoër verhewe was as die muur. Hierdie soldate kon dan met gemak hulle werpwapens binne die verskansing van die muur gooi. Pik en ander materiaal wat vuur aanhelp, is gewoonlik van hierdie posisie af op die huise van 'n dorp gegooi.⁽¹⁾

Van 'n muur af kon daar maklik geveg word met swaarder wapens. Swaar klippe en skerp gemaakte balke⁽²⁾ het groot skade aangerig waar hulle geval het. Net soos van die torings af is gesmelte pik met groot sukses van 'n muur af oor die vyand uitgeskiet.

Dit was maar moeilik om met werpwapens oorlog te voer, want die goed moes gegooi word en die gooiër moes maar hoop dat die vyand dit weer sou teruggooi. 'n Vliegende werpspies is maklik in die lug onderskep en dadelik weer teruggestuur. Soms is klippe, werpspiese en dergelike meer dus eers goed warmgemaak alvorens hulle gegooi is.⁽³⁾ 'n Arme vyand wat een van hierdie werpwapens onderskep het, was vanselfsprekend buite aksie gestel.

"Falces praeacutae"⁽⁴⁾ was skerp hake wat op land en op see gebruik was. Op land was hulle gebruik om mure mee om te trek of om houtbeskuttinge af te trek. Vir 'n skeepoorlog was die model blykbaar effens gewysig met die doel om die toue wat seile in posisie moes hou, af te sny. In so 'n geval was die bemanning van so 'n skip dan in 'n lelike penarie: hulle moes of roei dat dit kraak om weg te kom, of veg dat dit kraak, want daar sou nie geleentheid wees om albei te doen nie.

- (1) B.G. 7.24.
- (2) B.G. 2.29.
- (3) B.G. 5.43.
- (4) B.G. 3.14.

E. 'n PAAR VOLKSLEIERS ONDER DIE GALLIËRS.

(a) Dumnorix en Diviciacus van die Haedui.

Onder die Haedui was die twee belangrikste figure ongetwyfeld twee broers, Dumnorix en Diviciacus. Laasgenoemde was 'n groot vriend van Caesar.

In 68 v.C., tydens die groot uittoeg van die Helvitii, was Dumnorix 'n baie groot figuur in die staat Haedua, alhoewel Liscus die Vergobretus was. Dumnorix was daarop uit om die staat en die regering te ondermyn. Hy was 'n waaghals wat in almal se guns was. Hy was ryk en vrygewig en het 'n groot ruitery op eie koste aangehou.

Terwyl Caesar besig was om die Helvitii op te keil, reël Dumnorix op eie inisiatief vir hulle 'n deurtog deur die staat Haedua. Liscus deel hierdie dinge aan Caesar mee en Caesar staak eers die oorlog ten einde met Dumnorix af te reken. Diviciacus pleit egter vir sy broer en uit respek vir Diviciacus vergewe Caesar die man, maar stel nogtans persone aan om sy doen en late dop te hou.

Dumnorix het weer onder die soeklik gekom kort voor Caesar se vertrek vir sy tweede inval in Brittanje. Dumnorix het nog nie sy strowe na 'n rewolusie laat staan nie en Caesar moes hom noodgedwonge as gyselaar saamneem na Brittanje. Dumnorix het hot en haar gespoek om op die vasteland agtergelaat te word, maar hiervan wou Caesar niks weet nie. Dumnorix besluit toe maar om te verdwyn sonder toestemming en dit kos hom sy lewe.⁽¹⁾

Diviciacus het 'n troue vriend van Caesar gebly en in die oorlog teen die Belgae was hy Caesar se regterhand. Dit is hoofsaaklik op sy versoek dat Caesar ingegryp het in die partystryd in Gallië en 'n einde gemaak het aan die veronregting deur die Sequani.

(1) B.G. 5.7.

Kleinere figure onder die Haedui was onder andere Convictolitavis onder wie se leierskap die stam begin afvallig word het van die Romeinse vriendskap en verkies het om die Galliërs te help in hulle opstand teen Romeinse oorheersing. Eporedorix, 'n jong Haeduër van adellike afkoms, en Viridomarus versoek Caesar om te verhoed dat die Haedui afvallig word, maar kort daarna skaar hulle hulleself ook aan die kant van die Galliese rebelle.

(b) Orgetorix van die Helvitii.

Orgetorix was die man wat in 61 v.C. probeer het om die Helvitii te oorrede om die heerskappy van die hele Gallië in die hande te kry. Hy het hulle ook malklik oorrede toe hy daarop gewys het dat hulle geografiese ligging absoluut geen moontlikheid bied vir enige territoriale uitbreiding nie.⁽¹⁾

Orgetorix was 'n man met beide gesag en organisasievermoë. Hy is taktvol en strewende na vrede en vriendskap met sy bure. Hy onderneem persoonlik gesantskappe na die verskeie state. Hy onderhandel egter nie met die leiers van daardie state nie, maar met diegenes wat gereken het dat hulle die leiers moes gewees het, soos onder andere Dumnorix van die Haedui. Hierdie sameswering - of tenminste ongewenste samenwerking - het by die Helvitii uitgelek. Orgetorix moes sy verhoor in kettings afwag. Hy het egter nie die verhoor belewe nie: dit word vermoed dat hy selfmoord gepleeg het.⁽²⁾

(c) Tasgetius en ander leiers van die Carnutes.

Onder die Carnutes was daar Tasgetius, 'n man van hoë afkoms, 'n vriend wat aan Caesar reeds verskeie waardevolle dienste bewys het. Caesar het aan hom die regeermag wat sy voorouers altyd oor die Carnutes gehad het, geskenk. Tasgetius is egter deur persoonlike vyande vermoor.

(1) B.G. 1.2.

(2) B.G. 1.4.

Die volgende leiers onder die Carnutes, Cotuatus en Conconnetodumnus, was nie meer Romeinse vriende nie, maar desperate manne wat die onluste in Rome tydens die moord op Clodius beskou het as 'n teken dat die tyd ryp was om weer in opstand te kom.

(d) Vercingetorix van die Arverni.

Vercingetorix van die Arverni maak gereed om saam met hierdie twee manne te span en finaal die Romeinse juk af te gooi. Vercingetorix was 'n organiseerder van die eerste water en die opperbevel van die hele oorlog word dus eenparig aan hom opgedra. Hy kry maklik 'n klomp ander state aan sy kant en deur sy onverbiddelike strengheid het hy die weifelendes ook maklik oorgehaal. Die strawwe wat Vercingetorix uitgedeel het, toon duidelik hoe ernstig hy sake bedoel het. 'n Persoon wat 'n groot oortreding begaan het, is met iedere soort van marteling gepynig en dan verbrand. Vir 'n kleinere misstap het hy maklik die oortreder huis toe gestuur met 'n afgekapte oor of minus een oog.⁽¹⁾

Alhoewel daar by die slag van Avaricum 39,000 van sy aanhangers gedood is, het Vercingetorix nog nie moed verloor nie, maar nog steeds gestrewe na 'n verenigde Gallië teen wie die hele wêreld nie sou kon staan nie.⁽²⁾ Te midde van al sy teenslae en verliese groei sy waardigheid van dag tot dag.

Na die val van Alesia was die Galliërs nie meer lus vir meer nie en Vercingetorix is aan Caesar uitgelower. Wat sy uiteinde was, weet ons nie, maar 'n mens kan maklik raai, want van al Caesar se vyande in Gallië was Vercingetorix sonder weerga en sy strewe na 'n verenigde Gallië het amper werklikheid geword.

(1) B.G. 7.4.

(2) B.G. 7.29.

(e) Ambiorix en Catuvolcus van die Eburones.

Ambiorix en Catuvolcus het saam oor die Eburones regeer. Dit is in hulle gebied waar Sabinus en Cotta met een en 'n half legioen oorwinter het na Caesar se terugkeer van sy tweede inval in Brittanje.

Onder leiding van Ambiorix en Catuvolcus het die opstand begin wat geëindig het in die moord op die twee Romeinse luitenanten en in die uiteindelijke selfmoord van die res van die soldate.⁽¹⁾

Die winterkamp van Cicero is ook deur hierdie twee aangeval, maar toe die nood op sy hoogste was, het die redding ook gekom. Catuvolcus, wat al reeds bejaard was, kon as gevolg van sy ouderdom nie saam met die res voor Caesar uitvlug nie en het verkies om sy hand aan sy eie lewe te slaan. Ambiorix is byna deur Basilus betrap, maar hy het daarin geslaag om in die bosse in te ontvlug.⁽²⁾

(f) Acco van die Senones.

Acco, die leier van die Senones in 53 v.C., was een van die grootkoppe agter die gedurige oproer in hierdie geweste. Toe hy deur Caesar gevang is, is hy gestraf "volgens die gewoonte van die voorvaders".⁽³⁾

(g) Diviciacus van die Bellovaci.

'n Sekere Diviciacus was voor Caesar se dae koning van die Bellovaci en het nie alleen 'n groot gedeelte van Gallië nie, maar ook van Brittanje, bestuur.⁽⁴⁾

(h) Cingetorix en Indutiomarus van die Treveri.

Onder die Treveri het Indutiomarus en sy skoonseun, Cingetorix, gedurig gewedywer oor die oppergesag.

(1) B.G. 5.26 en verder.

(2) B.G. 6.30.

(3) B.G. 6.44. Dit het daarop neergekom dat die persoon nakend aan 'n dwarsbalk vasgemaak is en dan geslaan is tot hy dood was.

(4) B.G. 5.4.

Cingetorix was 'n Romeinse vriend, maar Indutiomarus was die Romeine vyandiggesind en was maar gedurig besig om oorlog voor te berei.

Kort voor Caesar se vertrek vir sy tweede inval in Brittanje, het baie van Indutiomarus se vriende hom egter in die steek gelaat. Dit het hom laat skrik en laat besluit om gesante na Caesar te stuur. Caesar eis van hom tweehonderd gyselaars en los die saak net so: hy was maar al te bly dat die aangeleentheid nie sy vertrek na Brittanje in die wiele gery het nie.⁽¹⁾

Na Caesar se terugkeer uit Brittanje was Indutiomarus net gereed om Labienus se winterkamp aan te val op die tydstip toe Cicero deur Caesar verlos is. Hierdie nuus het Indutiomarus toe tydelik van sy plan afgeskrik.

Intussen het Indutiomarus hard probeer om hulp oorkant die Ryn te soek. Die Germane het egter al by die tyd hulle les geleer en Indutiomarus was verplig om maar alleen 'n aanval op Labienus te waag. Hier het sy astrantheid hom minder waaksaam gemaak en hy word gedood nadat daar spesiale opdrag gegee is om hom alleen te agtervolg en nadat daar groot belonings op sy kop geplaas was.

-----oOoOo-----

(1) B.G. 5.4.

SUMMARY.

In the course of these studies the author has tried not to be led into digressions beyond the limits put to him by the title, which demands a sketch of Western Europe solely on the authority of the Commentaries on the Gallic Wars.

The keen taste of historians and geographers will not always necessarily be satisfied by the degree of vividness of such a sketch. The student of Caesar, on the other hand, will find in it an accentuation of the facts which are, out of necessity, subordinate to the narrative in the DE BELLO GALLICO.

In Part I of these studies an attempt has been made to arrange the geographical information that Caesar supplies. One cannot but come to the conclusion that Caesar has given almost every bit of geographical description merely in passing. It only happens once that he interrupts his narrative in order to give an account of matters of purely geographical importance: the different species of wild game of the Hercynian forest are depicted with extraordinary taste and vividness.

From a military point of view it is only logical that Caesar deals more with the natural obstacles that he has to cope with: there is absolutely no important river or mountain range that he does not mention. It is surprising, however, that the author has had to come to the conclusion that the roads system in Western Europe was all but good.

In Part II the author has drawn a map to show the territory of the different Gallic and German tribes of which Caesar mentions well over one hundred. It has, however, not been possible to allot a definite piece of land to every individual tribe: Caesar himself is very vague in defining boundaries. There are quite many tribes which Caesar only mentions and which can accordingly not be placed, except by the spin of a coin.

Part III concerns the ethnology of Gaul and Germany.

The Germans are a warlike nation, whose children are reared to be the same. From childhood days these youngsters are subjected to toil and hardships, and even their political institutions have no intention whatsoever of making life more easy.

Amongst the Gauls, who are deeply religious, the institution of the Druids came to Caesar's notice. The author has tried to point out that Druidism was much more than a religion.

In conclusion a few paragraphs have been devoted to a brief account of some outstanding Gallic leaders.

-----oOoOo-----

BIBLIOGRAPHIE.

- Cary, M.: The Geographic Background of Greek and Roman History. Clarendon Press, 1949.
- Grolier Society, The: Lands and Peoples, Vol. 1: British Isles and Western Europe. New York, 1948.
- Holmes, T. Rice: Caesar's Conquest of Gaul. Oxford University Press, London, 1911.
- Lot, Ferdinand: La Gaule: Les Fondements ethniques, sociaux et politiques de la nation française. Librairie Arthème Fayard, Parys, 1947.
- Lot, F.: Recherches sur la population et la superficie des cités Gallo - Romaines remontant à la période Gallo-Romaine. Champion, Parys, 1945 tot 1947.
- Mirot, L: Manuel de Géographie Historique de la France, Deel I en II, Parys, 1948 en 1950.
- Pounds, N.J.G.: An Historical and Political Geography of Europe. Harrap, London, 1947.
- Van Kalken, Frans: Histoire du Peuple Belge, Des origines à nos Jours, Le bégue, Brussels, 1949.
- Esselen, M.F: Zur Frage, wo Julius Cäsar die beiden Rhein-Brücken schlagen liess.
-----000-----
- Napoleon: Julius Cäsar, Histoire de
Mommson: History of Rome.
- De Bello Gallico: (i) ed. T. Rice Holmes, Clarendon Press, 1914.
(ii) ed. Renatus du Pontet. Oxford 1937.
(iii) ed. Reynolds + Phillipson, Bell, London, 1906.
(iv) ed. Kranz + Dittenberger, Hirsien der
H. Meusel, 1913-20.
- * Paulys Wissowa: Gallia der Weiss, VII. 1 pp. 639 - 666.
- Much, Rudolf: Die Germania des Tacitus, Carl Winter, Heidelberg, 1937.
- Greniet, Albert: La Gaule romaine: in "An Economic survey of ancient Rome", Tenney Frank, III pp. VII 500.
- Julian C.: Histoire de la Gaule, Parys, Hachette 1908-1926 (Vol. I, Parys 1943).
- West, L. C.: Roman Gaul, The Objects of Trade, Oxford.
- Desjardins, E.: Géographie historique et administrative de la Gaule romaine.